**5.** (1) Na verloop van 'n tydperk van drie maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet mag niemand enige soort versekeringsbesigheid in die Unie dryf nie tensy hy as 'n versekeraar kragtens hierdie Wet geregistreer is om daardie soort versekeringsbesigheid te dryf, en niemand mag gedurende voormelde tydperk enige soort versekeringsbesigheid in die Unie dryf nie tensy hy aldus geregistreer is ten einde daardie soort versekeringsbesigheid te dryf of tensy hy onmiddellik voor bedoelde inwerkingtreding geregtig was om daardie soort besigheid in die Unie te dryf: Met dien verstande dat iemand wat te eniger tyd voor bedoelde inwerkingtreding wettig 'n polis wat nog geldig is, uitgereik het, kan voortgaan om versekeringsbesigheid wat op daardie polis betrekking het, te dryf (behalwe om 'n ander polis uit te reik wat nie 'n volgens sub-artikel (2) van artikel *twee-en-sestig* verleende opbetaalde polis is nie), selfs al is hy nie aldus geregistreer nie, mits hy vooraf aan die registrateur skriftelik kennis gegee het dat hy voornemens is om volgens hierdie voorbehoudsbepaling voort te gaan om versekeringsbesigheid te dryf en behoudens die bepalings van artikel *vier-en-twintig*.

(2) Solank 'n geregistreerde versekeraar aanspreeklik bly kragtens 'n binnelandse polis in enige soort versekeringsbesigheid, word by die toepassing van hierdie Wet vermoed dat hy daardie soort versekeringsbesigheid in die Unie dryf, selfs al het hy opgehou om sodanige polisse uit te reik.

**Bepalings met betrekking tot deposito's.**

**6.** (1) Die bepalings van Deel II van die Eerste Bylae tot hierdie Wet is van toepassing in verband met geld of goedgekeurde effekte wat ooreenkomstig artikel *drie* of *vier* by die Tesourie gedeponeer is.

(2) Geld of effekte wat aldus gedeponeer is, word volgens voorskrif van regulasies beskikbaar gestel ter voldoening aan 'n vonnis wat in die Unie teen die deponeerder uitgewys is op 'n vordering wat voortspruit uit 'n binnelandse polis wat die deponeerder uitgereik het in die soort versekeringsbesigheid ten opsigte waarvan die deposito gegee is.

(3) Wanneer die waarde van die deposito van 'n geregistreerde versekeraar ten opsigte van enige soort versekeringsbesigheid as gevolg van optrede kragtens sub-artikel (2) laer is as die

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



prescribed by the First Schedule to this Act in respect of that class of insurance business, the insurer shall not issue any Union policy in that class of insurance business until he has made good the deficiency by a further deposit of money or approved securities or money and approved securities.

(4) When a registered insurer has satisfied the registrar that he has ceased to carry on in the Union any class of insurance business in respect whereof he made a deposit under section *three* or *four*, the registrar shall, at the request of the insurer authorize the Treasury to return his deposit to him, and the Treasury shall thereupon return the deposit to the insurer at his request. As soon as the registrar has issued the said authorization, he shall cancel the registration of the insurer in regard to the said class of insurance business.

Principal office and principal officer in Union.

**7.** (1) Every registered insurer shall maintain a principal office in the Union and shall appoint a principal officer in the Union and shall notify the registrar in writing of the situation of that office and of the name of his principal officer.

(2) Whenever a registered insurer has changed his principal office in the Union or has appointed a new principal officer, he shall within a period of twenty-one days as from such change or appointment give notice in writing thereof to the registrar.

(3) Process in any legal proceedings against a registered insurer may be served by leaving it at the principal office of the insurer in the Union, and in the event of such office within the Union having ceased to exist, service upon the registrar shall be deemed to be service upon the insurer.

Insurer must notify registrar of certain changes and particulars.

**8.** Every registered insurer shall within a period of six months as from the close of each financial year of his insurance business furnish to the registrar a statement of any change which occurred during the said year in any matter specified by regulation for the purposes of this section, in relation to the insurer concerned: Provided that no such statement need be submitted as aforesaid of any fact which is disclosed in any other notice or return furnished to the registrar.

Appointment, powers and duties of auditor and local auditor.

**9.** (1) Every Union insurer shall have an auditor for his insurance business, whether carried on in the Union or elsewhere and every non-Union insurer shall have an auditor in the Union for his insurance business in the Union (who is hereinafter called a local auditor): Provided that every appointment made by a registered insurer of an auditor or local auditor shall be subject to the approval of the registrar who may confirm or reject such an appointment or withdraw his approval of a prior appointment: Provided further that when the registrar disapproves or withdraws his approval of an appointment as aforesaid he shall report such disapproval or withdrawal of approval to the Minister and the reason therefor and the Minister shall confirm or reject the decision of the registrar, and the decision of the Minister shall thereupon be deemed to be the decision of the registrar.

(2) When the registrar has withdrawn his approval of an auditor or local auditor, the insurer concerned shall appoint another auditor or local auditor subject to the provisos to sub-section (1) which shall apply also to this sub-section.

(3) A registered insurer shall not appoint as his auditor or local auditor any one of his directors or servants.

(4) At the request of the auditor or local auditor of a registered insurer every director, actuary or servant of the insurer shall submit to the auditor or local auditor any book or document or information relating to any business of the insurer which is in his possession or at his disposal, and which the auditor or local auditor may deem necessary to perform his functions as auditor or local auditor of the insurer.

(5) The auditor or local auditor of a registered insurer shall report to the insurer any irregularity of which, in his capacity as auditor or local auditor, he has cause to complain, and if that irregularity is not rectified within a period of one month as from the date upon which it was reported to the insurer, the auditor or local auditor shall report it to the registrar.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



bedrag wat deur die Eerste Bylae tot hierdie Wet ten opsigte van daardie soort versekeringsbesigheid voorgeskryf word, mag die versekeraar geen binnelandse polis in daardie soort versekeringsbesigheid uitreik nie totdat hy die tekort aangesuiwer het met 'n verdere deposito van geld of goedgekeurde effekte of geld en goedgekeurde effekte.

(4) Wanneer 'n geregistreerde versekeraar die registrateur daarvan oortuig het dat hy opgehou het om in die Unie enige soort versekeringsbesigheid te dryf ten opsigte waarvan hy 'n deposito ingevolge artikel *drie* of *vier* gemaak het, magtig die registrateur die Tesourie op versoek van die versekeraar om sy deposito aan hom terug te gee en die Tesourie gee daarop die deposito op versoek van die versekeraar aan hom terug. Sodra die registrateur bedoelde magtiging verleen het, rojeer hy die registrasie van die versekeraar ten aansien van bedoelde soort versekeringsbesigheid.

**Hoofkantoor en hoofamptenaar in Unie.**

**7.** (1) Elke geregistreerde versekeraar moet 'n hoofkantoor in die Unie aanhou en 'n hoofamptenaar in die Unie aanstel, en moet die registrateur skriftelik in kennis stel van die adres van daardie kantoor en van die naam van sy hoofamptenaar.

(2) Wanneer 'n geregistreerde versekeraar die adres van sy hoofkantoor in die Unie verander het of 'n ander hoofamptenaar aangestel het, moet hy die registrateur skriftelik daarvan in kennis stel binne 'n tydperk van een-en-twintig dae vanaf daardie verandering of aanstelling.

(3) Die diening van prosesstukke in 'n regsgeding teen 'n geregistreerde versekeraar kan geskied deur hulle op die hoofkantoor van die versekeraar in die Unie te laat, en ingeval so 'n kantoor in die Unie opgehou het om te bestaan, word diening op die registrateur geag diening op die versekeraar te wees.

**Versekeraars moet registrateur van sekere veranderings en besonderhede in kennis stel.**

**8.** Elke geregistreerde versekeraar moet binne 'n tydperk van ses maande vanaf die verstryking van elke boekjaar van sy versekeringsbesigheid 'n opgaaf van alle veranderings wat gedurende bedoelde jaar plaasgevind het in enige aangeleentheid wat by regulasie bepaal word vir die toepassing van hierdie artikel, met betrekking tot die betrokke versekeraar, aan die registrateur verstrek: Met dien verstande dat dit nie nodig is om, soos voormeld, 'n opgaaf te verstrek nie van enige feit wat vermeld word in enige ander opgaaf of kennisgewing wat aan die registrateur verskaf is.

**Aanstelling, bevoegdhede en pligte van ouditeur en plaaslike ouditeur.**

**9.** (1) Elke binnelandse versekeraar moet 'n ouditeur vir sy versekeringsbesigheid hê (onverskillig of dit in die Unie dan wel elders gedryf word) en elke buitelandse versekeraar moet in die Unie 'n ouditeur hê vir sy versekeringsbesigheid in die Unie (wat hieronder 'n plaaslike ouditeur genoem word): Met dien verstande dat elke aanstelling van 'n ouditeur of plaaslike ouditeur deur 'n geregistreerde versekeraar onderworpe is aan die goedkeuring van die registrateur, wat so 'n aanstelling kan bekragtig of verwerp of sy goedkeuring van 'n vorige aanstelling kan intrek: Met dien verstande voorts dat wanneer die registrateur 'n aanstelling verwerp of sy goedkeuring van 'n aanstelling intrek soos voormeld, hy sodanige verwerping of intrekking aan die Minister moet rapporteer, asook die redes daarvoor, en die Minister moet die beslissing van die registrateur bekragtig of verwerp, en die beslissing van die Minister word dan geag die beslissing van die registrateur te wees.

(2) Wanneer die registrateur sy goedkeuring van 'n ouditeur of plaaslike ouditeur ingetrek het moet die betrokke versekeraar 'n ander ouditeur of plaaslike ouditeur aanstel, behoudens die voorbehoudsbepalings van sub-artikel (1) wat ook in verband met hierdie sub-artikel van toepassing is.

(3) 'n Geregistreerde versekeraar mag nie een van sy direkteure of dienare as sy ouditeur of plaaslike ouditeur aanstel nie.

(4) Op versoek van die ouditeur of plaaslike ouditeur van 'n geregistreerde versekeraar moet elke direkteur, aktuaris of dienaar van die versekeraar aan die ouditeur of plaaslike ouditeur alle boeke of dokumente of inligting met betrekking tot enige besigheid van die versekeraar voorlê, wat hy in sy besit of tot sy beskikking het en wat die ouditeur of plaaslike ouditeur nodig mag ag om sy werksaamhede as ouditeur of plaaslike ouditeur van die versekeraar te verrig.

(5) Die ouditeur of plaaslike ouditeur van 'n geregistreerde versekeraar moet aan die versekeraar elke onreëlmatigheid meedeel waarteen hy in sy hoedanigheid van ouditeur of plaaslike ouditeur gegronde beswaar het en as daardie onreëlmatigheid nie herstel is nie binne 'n tydperk van een maand vanaf die dag waarop dit aan die versekeraar meegedeel is, moet die ouditeur of plaaslike ouditeur dit aan die registrateur meedeel.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(6) The auditor or local auditor of a registered insurer shall satisfy himself that every revenue account, profit and loss account, balance sheet or statement of liabilities and assets prepared by the insurer in terms of section *eleven*, *twelve* or *fourteen* is properly drawn up so as to exhibit correctly the financial position of the insurer if he is a Union insurer, or the financial position of the insurer in the Union, if he is a non-Union insurer, according to the books of the insurer and any other information which was at his disposal, and if he has so satisfied himself, he shall attest the document in question: Provided that—

(*a*) in attesting a statement of assets prepared by a registered insurer in terms of section *fourteen*, he shall state in what manner he has satisfied himself of the existence of the assets mentioned in the statement, and to what extent he has satisfied himself as to the value of such assets;

(*b*) in attesting a statement of liabilities prepared by a registered insurer in terms of section *twelve* in respect of insurance business other than life business, industrial business, funeral business or sinking fund business, he shall state in what manner he has satisfied himself of the amount of the estimated liabilities in respect of claims under policies which have been intimated to the insurer, and which have not yet been paid;

(*c*) by attesting a statement, prepared in terms of section *twelve*, of the liabilities of a registered insurer in connection with life business, industrial business, funeral business or sinking fund business, he shall not be deemed to vouch for the correctness of the liabilities under unmatured policies mentioned in paragraph (*b*) of section *thirteen*;

(*d*) the statement of assets prepared by a registered insurer in terms of section *fourteen* in connection with life business, industrial business, funeral business or sinking fund business need not be attested by him if the registrar, on application by the insurer, agrees thereto and the actuary of the insurer has complied with the applicable provisions of this sub-section in regard to the said statement as if he were the auditor or local auditor of the insurer.

**Appointment, powers and duties of actuary.**

**10.** (1) Every Union insurer carrying on life business, industrial business, funeral business or sinking fund business in the Union shall have an actuary for that insurance business, whether carried on in the Union or elsewhere, and every non-Union insurer carrying on such business in the Union shall have an actuary for that business.

(2) The provisos to sub-section (1) of section *nine* and sub-section (2) of section *nine* shall apply *mutatis mutandis* in connection with an actuary of a registered insurer.

(3) A registered insurer shall not appoint a person as his actuary unless he is a Fellow of the Institute of Actuaries of England or of the Faculty of Actuaries in Scotland or of the Actuarial Society of America or of the American Institute of Actuaries: Provided that if the registrar is of the opinion that in any particular case special circumstances exist which make it undersirable to enforce the preceding provisions of this sub-section, he may authorize the appointment as actuary of any person who, in the registrar's opinion, has sufficient actuarial knowledge.

(4) At the request of the actuary of a registered insurer, every director, auditor, local auditor or servant of the insurer shall submit to the actuary any book or document or information relating to any business of the insurer, which is in his possession or at his disposal, and which the actuary may deem necessary to perform his functions as actuary of the insurer.

(5) The provisions of sub-section (5) of section *nine* shall apply *mutatis mutandis* in connection with an actuary of a registered insurer.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(6) Die ouditeur of plaaslike ouditeur van 'n geregistreerde versekeraar moet homself daarvan vergewis dat elke inkomsterekening, wins- en verliesrekening, balansstaat of opgaaf van verbintenisse en bate wat deur die versekeraar ooreenkomstig artikel *elf, twaalf* of *veertien* opgemaak is, behoorlik opgestel is sodat dit 'n juiste weergawe is van die finansiële toestand van die versekeraar, as hy 'n binnelandse versekeraar is, of van die finansiële toestand van die versekeraar in die Unie, as hy 'n buitelandse versekeraar is, volgens die boeke van die versekeraar en enige ander informasie wat hy tot sy beskikking gehad het, en as hy homself aldus vergewis het, moet hy die betrokke dokument waarmerk: Met dien verstande dat hy—

(*a*) by sy waarmerking van 'n opgaaf van bate wat 'n geregistreerde versekeraar ooreenkomstig artikel *veertien* opgemaak het, moet vermeld hoe hy homself vergewis het van die bestaan van die bate wat in die opgaaf voorkom en in hoeverre hy homself vergewis het van die waarde van daardie bate;

(*b*) by die waarmerking van n' opgaaf van verbintenisse wat 'n geregistreerde versekeraar ooreenkomstig artikel *twaalf* opgemaak het met betrekking tot 'n ander versekeringsbesigheid as lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiebesigheid, moet vermeld hoe hy homself vergewis het van die bedrag van die geskatte verbintenisse uit hoofde van vorderings kragtens polisse, waarvan die versekeraar verwittig is en wat nog nie betaal is nie;

(*c*) deur waarmerking van 'n ooreenkomstig artikel *twaalf* opgemaakte opgaaf van die verbintenisse van 'n geregistreerde versekeraar in verband met lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiebesigheid, nie geag word die juistheid te waarborg van die verbintenisse uit hoofde van nog nie vervalle polisse, bedoel in paragraaf (*b*) van artikel *dertien*;

(*d*) die deur 'n geregistreerde versekeraar ooreenkomstig artikel *veertien* opgemaakte opgaaf van bate in verband met lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiefondsbesigheid nie hoef te waarmerk nie as die registrateur op versoek van die versekeraar daarmee instem en as die aktuaris van die versekeraar aan die toepaslike bepalings van hierdie sub-artikel met betrekking tot voormelde opgaaf voldoen het asof hy die ouditeur of plaaslike ouditeur van die versekeraar was.

**Aanstelling, bevoegdhede en pligte van aktuaris.**

**10.** (1) Elke binnelandse versekeraar wat in die Unie lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiefondsbesigheid dryf, moet 'n aktuaris vir daardie besigheid hê, onverskillig of dit in die Unie of elders gedryf word en elke buitelandse versekeraar, wat in die Unie sodanige besigheid dryf, moet 'n aktuaris vir daardie besigheid hê.

(2) Die voorbehoudsbepalings van sub-artikel (1) van artikel *nege* en sub-artikel (2) van artikel *nege* is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met 'n aktuaris van 'n geregistreerde versekeraar.

(3) 'n Geregistreerde versekeraar mag niemand as sy aktuaris aanstel nie tensy hy 'n „fellow" is van die „Institute of Actuaries" van Engeland of van die „Faculty of Actuaries" van Skotland of van die „Actuarial Society" van Amerika of van die „American Institute of Actuaries": Met dien verstande dat as die registrateur van mening is dat daar in 'n bepaalde geval buitengewone omstandighede bestaan wat dit onwenslik maak om die voorgaande bepalings van hierdie sub-artikel toe te pas, hy magtiging kan verleen tot die aanstelling as aktuaris van enigeen wat volgens mening van die registrateur, voldoende aktuariële kennis het.

(4) Op versoek van die aktuaris van 'n geregistreerde versekeraar, moet elke direkteur, ouditeur, plaaslike ouditeur of dienaar van die versekeraar aan die aktuaris alle boeke of dokumente of inligting voorlê met betrekking tot die besigheid van die versekeraar, wat hy in sy besit of tot sy beskikking het, en wat die aktuaris nodig mag ag om sy werksaamhede as aktuaris van die versekeraar te verrig.

(5) Die bepalings van sub-artikel (5) van artikel *nege* is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met 'n aktuaris van 'n geregistreerde versekeraar.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(6) The actuary of a registered insurer who carries on life business, industrial business, funeral business or sinking fund business shall satisfy himself that the statement of the insurer's liabilities under unmatured policies mentioned in paragraph (*b*) of section *thirteen*, relating to such business, is correct, and if he has so satisfied himself, he shall attest the statement.

Accounts.

**11.** (1) Every registered insurer shall within a period of six months as from the expiration of each financial year of his insurance business prepare and furnish to the registrar—

(*a*) a revenue account for that year in a form prescribed by regulation as applied to the class or classes of insurance business carried on by the insurer;

(*b*) a profit and loss account in a form prescribed by regulation, except if the insurer is a company or association without share capital or carries on only one class of insurance business and no business other than insurance business;

(*c*) a balance sheet in a form prescribed by regulation.

(2) A registered insurer shall furnish to the registrar all the documents mentioned in sub-section (1) simultaneously and he shall, with those documents, also furnish to the registrar a report in respect of his last preceding financial year and a copy of any report or statement relating to his finances, which he submitted to his shareholders or policy holders during or since the expiration of the said financial year (unless he has previously furnished such a copy to the registrar).

(3) On the application of any owner of a Union policy which is a life policy, industrial policy, funeral policy, or sinking fund policy, under which a registered insurer is liable, the latter shall furnish to the applicant, free of charge, a copy of the last revenue account, profit and loss account or balance sheet prepared by the insurer under this section.

Statement of liabilities.

**12.** (1) Every Union insurer who, on the date of commencement of this Act, is carrying on in the Union life business, industrial business, funeral business or sinking fund business shall, within a period of six months as from the expiration of his financial year relating to the said insurance business, during which this Act came into operation, and thereafter from time to time within a period of six months as from the expiration of every third subsequent financial year, prepare and furnish to the registrar a statement of all his liabilities in respect of any such insurance business as aforesaid (including his contingent liabilities under unmatured policies) and in that statement he shall set forth his liabilities in respect of all such insurance business which he carried on in the Union separately from his liabilities in respect of all such business (if any) which he carried on outside the Union: Provided that—

(*a*) if such an insurer furnished to the Treasury in respect of the said insurance business a statement in accordance with the provisions of the Fourth or Fifth Schedule to the Insurance Act, 1923, in respect of a period which ended less than three years before the expiration of the first-mentioned financial year, he shall prepare and furnish such a statement of his liabilities, as aforesaid, not later than a date six months after the expiration of his third financial year which ended subsequent to the termination of the period in respect whereof the said statement under the said Fourth or Fifth Schedule was furnished, and thereafter from time to time within a period of six months as from the expiration of every third subsequent financial year;

(*b*) the registrar may call upon any such insurer to prepare and furnish to him such statements as aforesaid at intervals shorter than three years, but not shorter than one year, or in respect of any specified period embracing a financial year or two financial years of the insurer, if that period is not covered by such a statement as aforesaid, which the insurer has already furnished to the Treasury or to the registrar;

(*c*) the insurer may, with the consent of the registrar, in lieu of preparing and furnishing such statements as aforesaid at intervals hereinbefore in this sub-section prescribed, prepare and furnish such statements at shorter intervals.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(6) Die aktuaris van 'n geregistreerde versekeraar wat lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiefondsbesigheid dryf, moet homself daarvan vergewis dat die opgaaf van die versekeraar se verbintenisse kragtens nog lopende polisse vermeld in paragraaf (*b*) van artikel *dertien*, met betrekking tot voormelde besigheid, juis is, en as hy homself aldus vergewis het, moet hy die staat waarmerk.

Rekenings.

**11.** (1) Elke geregistreerde versekeraar moet binne 'n tydperk van ses maande vanaf die verstryking van elke boekjaar van sy versekeringsbesigheid, die volgende opmaak en aan die registrateur verstrek, nl.—

(*a*) 'n inkomsterekening vir daardie jaar in 'n vorm wat by regulasie voorgeskryf is en van toepassing is op die soort of soorte versekeringsbesigheid wat die versekeraar dryf;

(*b*) 'n wins- en verliesrekening in 'n by regulasie voorgeskrewe vorm, behalwe as die versekeraar 'n maatskappy of vereniging sonder aandeelkapitaal is of slegs een soort versekeringsbesigheid en geen ander besigheid as versekeringsbesigheid dryf nie;

(*c*) 'n balansstaat in 'n by regulasie voorgeskrewe vorm.

(2) 'n Geregistreerde versekeraar moet aan die registrateur alle in sub-artikel (1) vermelde dokumente tegelykertyd verstrek en met daardie dokumente moet hy aan die registrateur ook verstrek 'n verslag oor sy laasvoorafgaande boekjaar en 'n afskrif van enige verslag of staat omtrent sy finansies, wat hy voorgelê het aan sy aandeelhouers of polishouers gedurende of sedert die verstryking van bedoelde boekjaar (tensy hy voorheen so 'n afskrif aan die registrateur verstrek het).

(3) Op aanvraag van 'n eienaar van 'n binnelandse polis wat 'n lewenspolis, nywerheidspolis, begrafnispolis of amortisasiepolis is uit kragte waarvan 'n geregistreerde versekeraar aanspreeklik is, moet laasbedoelde 'n afskrif van die jongste inkomsterekening, wins- en verliesrekening of balansstaat wat ingevolge hierdie artikel deur die versekeraar opgemaak is, kosteloos aan die aanvraer verstrek.

Opgawe van verbintenisse.

**12.** (1) Elke binnelandse versekeraar wat op die dag van inwerkingtreding van hierdie Wet in die Unie lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiefondsbesigheid dryf, moet binne 'n tydperk van ses maande vanaf die verstryking van sy boekjaar vir bedoelde versekeringsbesigheid, waarin hierdie Wet in werking getree het, en daarna van tyd tot tyd binne 'n tydperk van ses maande vanaf die verstryking van elke derde daaropvolgende boekjaar, 'n opgaaf van al sy verbintenisse in verband met voormelde versekeringsbesigheid (met inbegrip van sy voorwaardelike verbintenisse kragtens nog lopende polisse) opmaak en aan die registrateur verstrek en in daardie opgaaf moet hy sy verbintenisse in verband met alle sodanige versekeringsbesigheid wat hy in die Unie gedryf het, vermeld, afgesonder van sy verbintenisse in verband met alle sodanige besigheid wat hy buite die Unie mag gedryf het: Met dien verstande dat—

(*a*) as so 'n versekeraar met betrekking tot bedoelde versekeringsbesigheid 'n opgaaf aan die Tesourie verstrek het volgens die bepalings van die Vierde of Vyfde Bylae tot die „Verzekeringswet, 1923", met betrekking tot 'n tydperk wat verstryk het minder as drie jaar voor die einde van die eerste hierbo vermelde boekjaar, hy so 'n opgaaf van sy verbintenisse as voormeld, moet opmaak en verstrek nie later dan op 'n dag ses maande na die verstryking van sy derde boekjaar wat geëindig het na die verstryking van die tydperk ten opsigte waarvan bedoelde opgaaf ingevolge bedoelde Vierde of Vyfde Bylae verstrek is, en daarna van tyd tot tyd binne 'n tydperk van ses maande vanaf die verstryking van elke derde daaropvolgende boekjaar;

(*b*) die registrateur so 'n versekeraar kan gelas om so 'n opgaaf as voormeld op te maak en aan hom te verstrek met tussenpose wat korter as drie jaar maar nie korter as een jaar is nie, of met betrekking tot 'n omskrewe tydperk wat 'n boekjaar of twee boekjare van die versekeraar omvat, as daardie tydperk nie gedek word nie deur so 'n opgaaf as voormeld wat die versekeraar reeds aan die Tesourie of aan die registrateur verstrek het;

(*c*) die versekeraar met toestemming van die registrateur, in plaas van om sulke opgawe as voormeld met die hierbo in hierdie sub-artikel voorgeskrewe tussenpose op te maak en te verstrek, sulke opgawe met kortere tussenpose kan opmaak en verstrek.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Every Union insurer who, after the commencement of this Act, commences to carry on any class of insurance business mentioned in sub-section (1) shall within a period of six months as from the termination of his third financial year, relating to the said business, and thereafter from time to time within a period of six months as from the expiration of every third subsequent financial year prepare and furnish to the registrar such a statement as is mentioned in sub-section (1): Provided that paragraphs (*b*) and (*c*) of the proviso to sub-section (1) shall also apply in connection with this sub-section.

(3) Every Union insurer who carries on any class of insurance business other than a class of insurance business mentioned in sub-section (1) shall, within a period of six months as from the expiration of every financial year of the said business, prepare and furnish to the registrar such a statement as is mentioned in sub-section (1) in respect of the class of insurance business which he so carries on.

(4) The provisions of sub-sections (1), (2) and (3) shall apply *mutatis mutandis* to a non-Union insurer but only in connection with his liabilities in respect of the insurance business which he carried on in the Union.

Provisions relating to statements of liabilities.

**13.** The following provisions shall apply in connection with any statement under section *twelve*:

(*a*) A separate statement shall be furnished for each class of insurance business: Provided that with the approval of the registrar a statement relating to sinking fund business may be included in and combined with a statement relating to life business.

(*b*) Every statement shall show separately—

(i) the liabilities under unmatured policies calculated in accordance with the provisions of the Second Schedule to this Act; and

(ii) all other liabilities of the insurer in respect of the class of insurance business in question, including claims under policies which have been intimated to the insurer but which he has not yet paid,

and a statement of the liabilities under unmatured policies in respect of life business, industrial business, funeral business or sinking fund business shall be set forth in a form prescribed by regulation.

(*c*) A liability of an insurer which is covered by reinsurance need not be shown as a liability of the first insurer but if the reinsurer is a registered insurer, he shall show the liability in question in his statement under section *twelve*.

(*d*) All liabilities shall be stated in Union currency, and if a liability was incurred in any other currency, that currency and the basis of the conversion of the amount in question to Union currency shall be specified and full particulars of the liability shall be given.

(*e*) In a statement of liabilities under personal accident policies, all liabilities arising from occurrences which took place prior to the commencement of the financial year to which the return relates, shall be set forth separately, and the basis on which those liabilities are computed shall be specified.

(*f*) If the registrar is of the opinion that a statement does not reflect correctly the liabilities of the insurer concerned, he may request the insurer to furnish him with a correct statement and if the insurer does not amend the statement to the satisfaction of the registrar, the latter may himself amend the statement. Any such statement as so amended, whether by the insurer or by the registrar, shall be deemed to be a statement prepared and furnished under section *twelve*.

Statement of assets.

**14.** (1) Every Union insurer shall, within a period of six months as from the expiration of every financial year of his insurance business, prepare and furnish to the registrar a statement of all assets which he owns in connection with that business and in that statement he shall set forth separately the assets which he holds in the Union, on the one hand, and all his other assets on the other hand.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Elke binnelandse versekeraar wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet begin om een of ander in sub-artikel (1) vermelde soort versekeringsbesigheid te dryf, moet binne 'n tydperk van ses maande vanaf die verstryking van sy derde boekjaar wat op daardie besigheid betrekking het en daarna van tyd tot tyd binne 'n tydperk van ses maande vanaf die verstryking van elke derde daaropvolgende boekjaar, so 'n opgaaf as in sub-artikel (1) vermeld, opmaak en aan die registrateur verstrek: Met dien verstande dat paragrawe (*b*) en (*c*) van die voorbehoudsbepaling van sub-artikel (1) ook in verband met hierdie sub-artikel van toepassing is.

(3) Elke binnelandse versekeraar wat 'n ander soort versekeringsbesigheid dryf as 'n soort versekeringsbesigheid vermeld in sub-artikel (1), moet binne 'n tydperk van ses maande vanaf die verstryking van elke boekjaar van daardie besigheid so 'n opgaaf as bedoel in sub-artikel (1) met betrekking tot die soort versekeringsbesigheid wat hy aldus dryf, opmaak en aan die registrateur verstrek.

(4) Die bepalings van sub-artikels (1), (2) en (3) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n buitelandse versekeraar, dog alleen met betrekking tot sy verbintenisse in verband met die versekeringsbesigheid wat hy in die Unie gedryf het.

Bepalings omtrent opgawe van verbintenisse.

**13.** Die volgende bepalings is van toepassing in verband met opgawe ingevolge artikel *twaalf*:

(*a*) 'n Afsonderlike opgaaf moet verstrek word vir elke soort versekeringsbesigheid: Met dien verstande dat met die goedkeuring van die registrateur, 'n opgaaf wat op amortisasiefondsbesigheid betrekking het in 'n opgaaf wat op lewensbesigheid betrekking het opgeneem en samegevat mag wees.

(*b*) Elke opgaaf moet afsonderlik vermeld—

(i) die verbintenisse kragtens nog lopende polisse, bereken volgens die bepalings van die Tweede Bylae tot hierdie Wet; en

(ii) alle ander verbintenisse van die versekeraar in verband met die betrokke soort versekeringsbesigheid, met inbegrip van vorderings kragtens polisse waarvan die versekeraar verwittig is maar wat hy nog nie betaal het nie,

en 'n opgaaf van die verbintenisse kragtens nog lopende polisse ten opsigte van lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiefondsbesigheid moet opgemaak word in 'n vorm wat deur regulasies voorgeskryf is.

(*c*) 'n Deur herversekering gedekte verbintenis van 'n versekeraar hoef nie as 'n verbintenis van die eerste versekeraar aangegee te word nie, maar as die herversekeraar 'n geregistreerde versekeraar is, moet hy die betrokke verbintenis aangee in sy opgaaf ingevolge artikel *twaalf*.

(*d*) Alle verbintenisse moet in die betaalmiddel van die Unie uitgedruk word en as 'n verbintenis in 'n ander betaalmiddel aangegaan is, moet daardie betaalmiddel en die grondslag van die omrekening van die betrokke bedrag in die betaalmiddel van die Unie aangegee word en moet volledige besonderhede van die verbintenis opgegee word.

(*e*) In 'n opgaaf van verbintenisse kragtens persoonlike ongevallepolisse moet alle verbintenisse wat voortgespruit het uit voorvalle wat plaasgevind het voor die begin van die boekjaar waarop die opgaaf betrekking het, afsonderlik vermeld word en moet die grondslag uiteengesit word waarop daardie verbintenisse bereken is.

(*f*) As die registrateur van oordeel is dat 'n opgaaf die verbintenisse van die betrokke versekeraar nie juis weergee nie, kan hy die versekeraar versoek om aan hom 'n juiste opgaaf te verstrek en as die versekeraar nie die opgaaf wysig nie soos die registrateur dit wil hê dan kan die registrateur dit self wysig. 'n Opgaaf wat aldus gewysig is, hetsy deur die versekeraar of deur die registrateur, word beskou as 'n opgaaf wat ingevolge artikel *twaalf* opgemaak en verstrek is.

Opgawe van bate.

**14.** (1) Elke binnelandse versekeraar moet binne 'n tydperk van ses maande vanaf die verstryking van elke boekjaar van sy versekeringsbesigheid 'n opgaaf van alle bate wat hy in verband met daardie besigheid besit, opmaak en aan die registrateur verstrek en in daardie opgaaf moet hy afsonderlik vermeld die bate wat hy in die Unie besit, enersyds, en al sy ander bate andersyds.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) The provisions of sub-section (1) shall apply *mutatis mutandis* to every non-Union insurer in respect of the assets which he holds in the Union in connection with any insurance business which he carries on in the Union.

Provisions relating to statements of assets.

**15.** The following provisions shall apply in connection with any statement under section *fourteen*:

(*a*) Every statement shall be prepared in accordance with regulations: Provided that, if a regulation or any form prescribed by a regulation provides for a specification of different classes of assets and a compliance with the requirements of that regulation or form by a particular insurer would result in unduly voluminous returns, the insurer concerned may group various classes of assets together or otherwise abridge the statement in such a manner as the registrar may approve.

(*b*) Except with the permission of the registrar, no assets held in the name of a person other than the insurer shall be included in the statement as assets of the insurer: Provided that the preceding provisions of this paragraph shall not apply in connection with assets of the insurer which are held in the name of the Treasury or of any person acting on behalf of the Treasury.

(*c*) Assets owned in connection with life business, industrial business, funeral business or sinking fund business shall be set forth separately from assets owned in connection with other classes of insurance business.

(*d*) If a claim of the insurer is shown as an asset, any sum which the insurer owes or for which he is likely to become liable in connection with the claim, shall be deducted from the amount of the claim.

(*e*) No claim (other than a claim for interest on a loan secured by the pledge of a policy issued by the insurer), which is overdue for a period of twelve months or longer, shall be shown as an asset.

(*f*) Any amount which is owing to the insurer under a policy issued by him and which is stated as an asset shall not exceed the insurer's liabilities under that policy.

(*g*) The value of all assets shall be stated in Union currency and if an asset consists of money other than Union currency, or of any security or claim expressed in a currency other than Union currency, that other currency and the basis of the conversion of the amount in question to Union currency shall be specified and full particulars of the asset shall be given.

(*h*) Every asset shall be valued at its market value or, at the option of the insurer concerned, at its book value: Provided that in the aggregate the value placed on all the assets is lower than their aggregate market value: Provided further that if the market value of an asset is, in the opinion of the registrar, unduly low so that it does not reflect the real value of the asset, the registrar may, at the request of the insurer and with the consent of the Minister, authorize the insurer to value the asset at such a higher value as the registrar may determine.

(*i*) No expenses of administration, organization or business extension and no purchase price of a business (apart from the value of any property belonging thereto) or of a goodwill, or any item of a similar nature shall be shown as an asset: Provided that—

(i) if a Union insurer who carried on the insurance business in question before the commencement of this Act, included any such expenses or purchase price or other item as an asset in his last balance sheet which he prepared before such commencement, the registrar may, if he is satisfied that the financial position of the insurer is sound, permit the insurer to show the said expenses, purchase price or other item or a part thereof

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Die bepalings van sub-artikel (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n buitelandse versekeraar met betrekking tot die bate wat hy in die Unie besit in verband met enige versekeringsbesigheid wat hy in die Unie dryf.

Bepalings omtrent opgawe van bate.

**15.** Die volgende bepalings is van toepassing in verband met 'n opgaaf ingevolge artikel *veertien* :

(*a*) Elke opgaaf moet volgens voorskrif van regulasies opgestel word : Met dien verstande dat as 'n regulasie of 'n by regulasie voorgeskrewe formulier voorsiening maak vir die beskrywing van verskillende soorte bate en 'n nakoming van die voorskrifte van daardie regulasie of formulier deur 'n bepaalde versekeraar, bowematig omvangryke gegewens ten gevolge sou hê, die betrokke versekeraar verskeie soorte bate kan saamvat of die opgaaf andersins op so 'n wyse kan verkort as wat die registrateur mag goedkeur.

(*b*) Sonder toestemming van die registrateur mag geen bate wat besit word op naam van iemand anders as die versekeraar in die opgaaf opgeneem word as bate van die versekeraar nie : Met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie in verband met bate van 'n versekeraar wat besit word op naam van die Tesourie of van iemand wat namens die Tesourie optree.

(*c*) Bate wat besit word in verband met lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiebesigheid moet vermeld word afgesonder van bate wat besit word in verband met ander soorte versekeringsbesigheid.

(*d*) As 'n vordering van die versekeraar as bate opgegee word, moet elke bedrag wat die versekeraar skuld of waarvoor hy waarskynlik aanspreeklik sal word in verband met die vordering, van die bedrag van die vordering afgetrek word.

(*e*) Geen ander vordering as 'n aanspraak op rente op 'n lening gewaarborg deur verpanding van 'n deur die versekeraar uitgereikte polis mag as bate opgegee word nie, as die vordering twaalf maande lank of langer agterstallig is.

(*f*) 'n Bedrag wat aan die versekeraar kragtens 'n deur hom uitgereikte polis verskuldig is en wat as bate opgegee word, mag nie die versekeraar se verbintenis uit hoofde van daardie polis te bowe gaan nie.

(*g*) Die waarde van alle bate moet in die betaalmiddel van die Unie uitgedruk word en as bate bestaan uit ander geld as die betaalmiddel van die Unie, of uit effekte of 'n vordering uitgedruk in 'n ander betaalmiddel as die betaalmiddel van die Unie, dan moet daardie ander betaalmiddel en die grondslag van die omrekening van die betrokke bedrag in die betaalmiddel van die Unie aangegee word en moet volledige besonderhede van die bate opgegee word.

(*h*) Alle bate moet gewaardeer word volgens hulle markwaarde, of as die betrokke versekeraar dit verkies volgens hulle boekwaarde : Mits die totaalwaarde van al die bate laer is as hulle totale markwaarde : Met dien verstande verder dat as die markwaarde van bate volgens die registrateur se oordeel buitengewoon laag is, sodat dit nie die werklike waarde van die bate weergee nie, die registrateur op versoek van die versekeraar en met die Minister se toestemming die versekeraar kan magtig om die bate op so 'n hoër waarde te waardeer as wat die registrateur mag bepaal.

(*i*) Geen koste van administrasie, organisasie of besigheidsuitbreiding en geen koopprys van 'n besigheid (afgesien van die waarde van daartoe behorende goedere) of van klandisie of enige soortgelyke item mag as bate opgegee word nie : Met dien verstande dat—

(i) as 'n binnelandse versekeraar wat die betrokke versekeringsbesigheid voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gedryf het, bedoelde koste of koopprys of ander item as bate opgeneem het in sy laaste balansstaat wat hy voor daardie inwerkingtreding opgemaak het, die registrateur, as hy oortuig is dat die finansiële toestand van die versekeraar solied is, die versekeraar kan veroorloof om bedoelde koste, koopprys of ander item of 'n deel daarvan as bate op te gee in nie meer as

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



as an asset in not more than seven consecutive annual statements, commencing with the first such statement furnished after the commencement of this Act, but the amount so shown as an asset in the said first statement shall in each succeeding annual statement be reduced by one seventh of the original amount;

(ii) if a Union insurer has, under any amalgamation or transfer of any business, accepted any such expenses, purchase price or other item as aforesaid as an asset, or become liable therefor, the registrar may, if he is satisfied that the financial position of the insurer after the said amalgamation or transfer is sound, permit the insurer to show the said expenses, purchase price or other item (or a part thereof) as an asset in not more than seven consecutive annual statements, commencing with the first such statement furnished after the said amalgamation or transfer, but the amount so shown as an asset in the said first statement shall in each succeeding annual statement be reduced by one-seventh of the original amount;

(iii) a Union insurer who was not carrying on any insurance business in the Union before the commencement of this Act may, with the consent of the registrar, in his first three annual statements, or in any of them, show as an asset the aggregate or a part of the aggregate of any such expenses, purchase price or other items as aforesaid, to an amount not exceeding thirty per cent. of his paid-up capital at the time when the statement in question is prepared, and in any annual statement after the third he may show as an asset, any such amount as aforesaid which was shown in his third annual statement reduced by one-seventh of that amount in respect of every year which has elapsed since he prepared his third annual statement.

(*j*) If the registrar is of the opinion that a statement does not reflect correctly the assets of the insurer concerned, he may request the insurer to furnish him with a correct statement, and if the insurer does not amend the statement to the satisfaction of the registrar, the latter may himself amend the statement. Any such statement as so amended, whether by the insurer or by the registrar, shall be deemed to be a statement prepared and furnished under section *fourteen*.

Non-Union insurers to furnish certain statements of liabilities or assets.

**16.** (1) Whenever a non-Union insurer furnishes to any authority in the country in which his head office abroad is situate a statement of his liabilities or of his assets in respect of all his insurance business, or in respect of all his insurance business of any class which he carries on in the Union, he shall simultaneously or as soon as may be thereafter furnish to the registrar a copy of the said statement.

(2) If a statement mentioned in sub-section (1) does not contain substantially such particulars of the liabilities or assets of the insurer concerned, as are prescribed by sections *twelve* and *thirteen*, or by sections *fourteen* and *fifteen* respectively, for a Union insurer, the registrar may request the insurer to furnish him with further information not exceeding the particulars in question and the insurer shall thereupon comply with that request within a period of six months as from the date upon which he received the request.

(3) If a non-Union insurer does not periodically furnish to any authority such a statement as is mentioned in sub-section (1), the registrar may from time to time request the insurer to furnish him with a statement of his liabilities or assets substantially in such a form and with such particulars as are prescribed by sections *twelve* and *thirteen* or by sections *fourteen* and *fifteen*, respectively, for a Union insurer, and the insurer shall thereupon comply with that request within a period of six months as from the date upon which he received the request: Provided that the registrar shall not request an insurer to furnish him with such statements of liabilities at intervals shorter than three years or to furnish him with such statements of assets at intervals shorter than one year.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



sewe agtereenvolgende jaarlikse opgawes nie, met ingang van die eerste sodanige opgaaf wat verstrek word na die inwerkingtreding van hierdie Wet, dog die aldus in bedoelde eerste opgaaf as bate opgegewe bedrag moet in elke volgende jaarlikse opgaaf verminder word met een-sewende van die oorspronklike bedrag ;

(ii) as 'n binnelandse versekeraar ingevolge 'n samesmelting of oordrag van 'n besigheid sodanige koste, koopprys of ander item as voormeld, as bate aangeneem het of daarvoor aanspreeklik geword het, die registrateur, as hy oortuig is dat die finansiële toestand van die versekeraar na bedoelde samesmelting of oordrag solied is, die versekeraar kan veroorloof om bedoelde koste, koopprys of ander item (of 'n deel daarvan) as bate op te gee in nie meer as sewe agtereenvolgende jaarlikse opgawes nie, met ingang van die eerste sodanige opgaaf verstrek na bedoelde samesmelting of oordrag, dog die aldus in bedoelde eerste opgaaf as bate opgegewe bedrag moet in elke volgende jaarlikse opgaaf verminder word met een-sewende van die oorspronklike bedrag ;

(iii) 'n binnelandse versekeraar wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geen versekeringsbesigheid in die Unie gedryf het nie, met toestemming van die registrateur in sy eerste drie jaarlikse opgawes, of in een of ander van hulle, die som of 'n deel van die som van alle sodanige koste, koopprys of ander items as voormeld, tot 'n bedrag van hoogstens dertig persent van sy gestorte kapitaal op die tydstip wanneer die betrokke opgaaf opgestel word, as bate kan opgee, en hy in enige jaarlikse opgaaf na die derde so 'n voormelde bedrag, wat in sy derde jaarlikse opgaaf as bate opgegee was, as bate kan opgee, dog verminder met een-sewende van daardie bedrag vir elke jaar wat verstryk het sedert hy sy derde jaarlikse opgaaf opgestel het.

(*j*) As die registrateur van oordeel is dat 'n opgaaf die bate van die betrokke versekeraar nie juis weergee nie, kan hy die versekeraar versoek om hom 'n juiste opgaaf te verstrek en as die versekeraar nie die opgaaf wysig nie soos die registrateur dit wil hê, dan kan die registrateur dit self wysig. 'n Opgaaf wat aldus gewysig is, hetsy deur die versekeraar of deur die registrateur, word beskou as 'n opgaaf wat ingevolge artikel *veertien* opgemaak en verstrek is.

**Buitelandse versekeraars moet sekere opgawe van verbintenisse of bate verstrek.**

**16.** (1) Wanneer 'n buitelandse versekeraar aan 'n owerheid in die land waarin sy hoofkantoor in die buiteland gevestig is 'n opgaaf van sy verbintenisse of van sy bate verstrek met betrekking tot al sy versekeringsbesigheid of met betrekking tot al sy versekeringsbesigheid van 'n soort wat hy in die Unie dryf, dan moet hy gelyktydig of so spoedig doenlik daarna aan die registrateur 'n afskrif van bedoelde opgaaf verstrek.

(2) As 'n opgaaf vermeld in sub-artikel (1) nie in hoofsaak sulke besonderhede van die verbintenisse of bate van die versekeraar bevat as wat artikels *twaalf* en *dertien* of artikels *veertien* en *vyftien* respektieflik voorskryf vir 'n binnelandse versekeraar, dan kan die registrateur die versekeraar versoek om aan hom verder informasie te verstrek wat nie die betrokke besonderhede te buite gaan nie en daarop moet die versekeraar aan daardie versoek voldoen binne 'n tydperk van ses maande vanaf die dag waarop hy die versoek ontvang het.

(3) As 'n buitelandse versekeraar nie periodiek aan een of ander owerheid so 'n opgaaf as vermeld in sub-artikel (1) verstrek nie, dan kan die registrateur die versekeraar van tyd tot tyd versoek om aan hom 'n opgaaf van sy verbintenisse of bate te verstrek in 'n vorm en met besonderhede wat in hoofsaak ooreenkom met dié wat artikels *twaalf* en *dertien* of artikels *veertien* en *vyftien* respektieflik voorskryf vir 'n binnelandse versekeraar en die versekeraar moet daarop aan die versoek voldoen binne 'n tydperk van ses maande vanaf die dag waarop hy die versoek ontvang het : Met dien verstande dat die registrateur nie 'n versekeraar mag versoek nie om aan hom sulke opgawe van verbintenisse te verstrek met tussenpose korter as drie jaar of om hom sulke opgawe van bate te verstrek met tussenpose korter as een jaar.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Value of insurer's assets in the Union must equal his liabilities in respect of his business in the Union.

**17.** (1) After the expiration of a period of six months as from the commencement of this Act every registered insurer shall hold and keep within the Union in respect of the insurance business which he carries on in the Union, assets of a value not less than the amount of all his liabilities in respect of that business: Provided that during a period of five years and six months as from the commencement of this Act any securities belonging to a registered insurer who immediately before the commencement of this Act was carrying on insurance business in the Union, which he has deposited or may deposit, with the Union's High Commissioner in London, or may deposit with the Union's High Commissioners in Australia, Canada or New Zealand, if such High Commissioners should be appointed, shall be deemed, for the purposes of this sub-section, to be held by the insurer in the Union: Provided further that during the said period such insurer shall not transfer any assets from the Union for the purpose of deposit as aforesaid.

(2) The assets mentioned in sub-section (1) shall not be pledged, hypothecated or otherwise encumbered in any way whatsoever except with the consent of, and to the extent permitted by, the registrar.

(3) No claim, share or interest which is not a Union asset shall be regarded as an asset for the purposes of sub-section (1) unless the debtor concerned is a Government of, or an institution or a person situate or resident or having his head office in, a territory which forms part of the British Commonwealth or any other territory approved by the Minister for the purposes of this section or unless the company in which the said share is held has its head office in such a territory, or unless the object of the said interest is situate in such a territory.

(4) Except with the permission of the registrar no share in a company shall be regarded as an asset for the purposes of sub-section (1) if any part of the nominal or face value of the share has not yet been paid to the company: Provided that the preceding provisions of this sub-section shall not apply in connection with any such share as aforesaid, held by a registered insurer if he holds available a sum of money equal to the amount payable to the company in question on the said share exclusively for the purpose of paying the said amount when called upon by the company to do so.

Assets held in Union to include Union assets and specified securities.

**18.** (1) The assets which a registered insurer who was not carrying on insurance business in the Union immediately before the commencement of this Act, is obliged to hold in the Union in terms of sub-section (1) of section *seventeen*, shall include Union assets which are not less in value than seventy-five per cent. of all the insurer's liabilities mentioned in the said sub-section.

(2) The assets which a registered insurer who was carrying on insurance business in the Union immediately before the commencement of this Act and who has been carrying on business continuously since the said commencement, is obliged to hold in the Union in terms of sub-section (1) of section *seventeen*, shall include Union assets which are not less in value than the following proportion of the amount of the insurer's liabilities mentioned in the said sub-section, according to the period that has elapsed since the said commencement:

| Period. | Proportion of Union assets to liabilities. |
|---|---|
| Six months | 35 per cent. |
| Eighteen months | 40 ,, ,, |
| Thirty months | 45 ,, ,, |
| Forty-two months | 50 ,, ,, |
| Fifty-four months | 60 ,, ,, |
| Sixty-six months and thereafter | 75 ,, ,, |

(3) Fifty-three and one-third per cent. of the value of the Union assets required to be held by a registered insurer in terms of sub-section (1) or (2) shall be made up of one or more of the following classes of assets, viz.—

(*a*) money in hand or any amount standing to the credit of the insurer concerned in a bank or building society;

(*b*) bills or securities issued or guaranteed by the Government of the Union;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Waarde van versekeraar se bate in die Unie moet gelykstaan met sy verbintenisse in verband met sy besigheid in die Unie.

**17.** (1) Na verloop van 'n tydperk van ses maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet moet elke geregistreerde versekeraar in verband met die versekeringsbesigheid wat hy in die Unie dryf, bate van 'n waarde wat nie minder is nie as die bedrag van al sy verbintenisse in verband met daardie besigheid, in die Unie besit en aanhou: Met dien verstande dat gedurende 'n tydperk van vyf jaar en ses maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet alle effekte wat behoort aan 'n geregistreerde versekeraar wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet versekeringsbesigheid in die Unie gedryf het, en wat hy by die Unie se Hoë Kommissaris in Londen gedeponeer het of mag deponeer, of by die Unie se Hoë Kommissarisse in Australië, Kanada of Nu-Seeland mag deponeer, indien sodanige Hoë Kommissarisse aangestel sou word, by die toepassing van hierdie sub-artikel geag word in die Unie in die versekeraar se besit te wees: Met dien verstande voorts dat gedurende bedoelde tydperk so 'n versekeraar geen bate van die Unie mag verplaas met die doel om dit te deponeer soos voormeld nie.

(2) Die in sub-artikel (1) vermelde bate mag nie verpand, verhipotekeer of op enige ander wyse beswaar word nie dan alleen met die toestemming van die registrateur en in die mate deur hom veroorloof.

(3) Geen vordering, aandeel of belang wat nie binnelandse bate is nie, word by die toepassing van sub-artikel (1) as bate beskou nie, tensy die betrokke skuldenaar 'n regering is van 'n gebied wat deel uitmaak van die Britse Gemenebes of van 'n ander gebied wat die Minister vir die toepassing van hierdie artikel goedgekeur het, of 'n inrigting of persoon is wat in so 'n gebied gevestig of woonagtig is of sy hoofkantoor het, of tensy die maatskappy waarin bedoelde aandeel gehou word, sy hoofkantoor in so 'n gebied het of tensy die voorwerp van bedoelde belang in so 'n gebied geleë is.

(4) Sonder vergunning van die registrateur word geen aandeel in 'n maatskappy by die toepassing van sub-artikel (1) as bate beskou nie, as 'n deel van die nominale of uitgedrukte waarde van die aandeel nog nie aan die maatskappy betaal is nie: Met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie sub-artikel nie van toepassing is nie in verband met so 'n aandeel as voormeld, wat 'n geregistreerde versekeraar besit, as hy 'n som geld, so groot as die bedrag wat op bedoelde aandeel aan die betrokke maatskappy betaal moet word, beskikbaar hou alleen om daardie bedrag te betaal wanneer die maatskappy dit van hom eis.

Bate wat in Unie besit word moet binnelandse bate en bepaalde effekte insluit.

**18.** (1) Die bate wat 'n geregistreerde versekeraar, wat nie onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet versekeringsbesigheid in die Unie gedryf het nie, verplig is om volgens sub-artikel (1) van artikel *sewentien* in die Unie te besit, moet binnelandse bate insluit wat nie van 'n kleiner waarde is nie as vyf-en-sewentig persent van alle in bedoelde sub-artikel vermelde verbintenisse van die versekeraar.

(2) Die bate wat 'n geregistreerde versekeraar, wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet versekeringsbesigheid in die Unie gedryf het en wat sodanige besigheid sedert bedoelde inwerkingtreding onafgebroke voortgesit het, verplig is om volgens sub-artikel (1) van artikel *sewentien* in die Unie te besit, moet binnelandse bate insluit wat nie van 'n kleiner waarde is nie as die volgende verhouding van die bedrag van al die in bedoelde sub-artikel vermelde verbintenisse van die versekeraar kragtens binnelandse polisse, na gelang van die tydperk wat sedert bedoelde inwerkingtreding verstryk het:

| Tydperk. | Verhouding van binnelandse bate tot verbintenisse. |
|---|---|
| Ses maande | 35 persent |
| Agtien maande | 40 ,, |
| Dertig maande | 45 ,, |
| Twee-en-veertig maande | 50 ,, |
| Vier-en-vyftig maande | 60 ,, |
| Ses-en-sestig maande en daarna | 75 ,, |

(3) Drie-en-vyftig en een-derde persent van die waarde van die binnelandse bate wat 'n geregistreerde versekeraar volgens sub-artikel (1) of (2) moet besit, moet uit een of meer van die volgende soorte bate saamgestel wees, nl.—

(*a*) geld in kas of 'n batige saldo van die betrokke versekeraar by 'n bank of bouvereniging;

(*b*) wissels of effekte wat deur die Unie-Regering uitgereik of gewaarborg is;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) bills, bonds or securities of any local authority in the Union authorized by law to levy rates upon immovable property;

(*d*) bills, bonds or securities of the Rand Water Board, the Electricity Supply Commission or any other body constituted or established by or under any law approved by the Minister for the purposes of this sub-section;

(*e*) claims against the owners of Union policies under which the insurer concerned is liable, which are secured by pledges of those policies, or which are covered by the surrender value of those policies;

(*f*) any other securities which are, in the opinion of the Minister, as safe as and similar to those mentioned in any one of the preceding paragraphs, and which he has approved for the purposes of this sub-section.

Assets for life, industrial, funeral and sinking fund business to be kept separate and to be of a certain value.

**19.** (1) The assets held by a Union insurer in respect of his life business, industrial business, funeral business and sinking fund business, and the assets held in the Union by a non-Union insurer in respect of such classes of business which he carries on in the Union, shall be kept separate from other assets, and in the case of a Union insurer shall be a security for the payment of policies in those classes of business, and in the case of a non-Union insurer shall be a security for the payment of Union policies in those classes, as if the insurer carried on no other business, and, subject to the provisions of this Act, shall not be available for the payment of any debts of the insurer other than debts under such policies.

(2) After the expiration of a period of six months (or such longer period as the registrar may from time to time fix with reference to any particular insurer), as from the commencement of this Act the assets held by a Union insurer in respect of his life business, industrial business, funeral business and sinking fund business shall not be less in value than the amount of his liabilities in respect of those classes of business, and the assets held in the Union by any registered insurer in respect of those classes of business which he carries on in the Union shall not be less in value than the amount of his liabilities in respect of that business.

Assets for business other than life, industrial, funeral and sinking fund business to be of a certain value.

**20.** After the expiration of a period of six months (or such longer period as the registrar may from time to time fix with reference to any particular insurer), as from the commencement of this Act, the assets held by a Union insurer in respect of insurance business other than life business, industrial business, funeral business and sinking fund business shall not be less in value than the amount of his liabilities in respect of such first-mentioned insurance business and the assets held in the Union by any registered insurer in respect of such first-mentioned business which he carries on in the Union shall not be less in value than the amount of his liabilities in respect of that business.

Insurer may not transfer assets from one insurance group to the other.

**21.** A registered insurer shall not, without the consent of the registrar, for the purposes of section *nineteen* or *twenty*—

(*a*) deal with any asset which he holds in respect of life business, industrial business, funeral business and sinking fund business as an asset which he holds in respect of any other class of insurance business; or

(*b*) deal with any asset which he holds in respect of any such other class of insurance business as an asset which he holds in respect of life business, industrial business, funeral business and sinking fund business.

Apportionment of general expenses between different classes of insurance business.

**22.** (1) A Union insurer shall apportion annually all expenses of his insurance business, which have not been incurred in connection with any particular class of insurance business only, between—

(*a*) all his life business, industrial business, funeral business and sinking fund business, on the one hand; and

(*b*) all his other classes of insurance business, on the other hand.

(2) A non-Union insurer shall apportion annually all expenses of his insurance business in the Union, which have not been incurred in connection with any particular class of insurance business only, between—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) wissels, skuldbriewe of effekte van 'n plaaslike bestuur in die Unie wat regtens bevoeg is om belastings op onroerende goed te hef;

(*d*) wissels, skuldbriewe of effekte van die Randwaterraad, die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie of 'n ander deur die Minister vir die toepassing van hierdie sub-artikel goedgekeurde liggaam wat deur of kragtens een of ander wet ingestel of opgerig is;

(*e*) vorderings teen eienaars van binnelandse polisse uit hoofde waarvan die betrokke versekeraar aanspreeklik is, wat deur verpanding van daardie polisse gewaarborg is of wat gedek word deur die afkoopwaarde van daardie polisse;

(*f*) enige ander effekte wat volgens die Minister se oordeel so veilig en van gelyke aard is as die in een van die voorgaande paragrawe vermeldes, en wat hy vir die toepassing van hierdie sub-artikel goedgekeur het.

Bate vir lewens-, nywerheids-, begrafnis- en amortisasiebesigheid moet apart gehou word en van 'n bepaalde waarde wees.

**19.** (1) Die bate wat 'n binnelandse versekeraar besit in verband met sy lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid en amortisasiefondsbesigheid, en die bate wat 'n buitelandse versekeraar in die Unie besit in verband met sodanige soorte besigheid wat hy in die Unie dryf, moet afgesonderd gehou word van ander bate, en strek, in die geval van 'n binnelandse versekeraar tot sekerheid vir die uitbetaling van polisse in daardie soorte besigheid en in die geval van 'n buitelandse versekeraar, tot sekerheid vir die uitbetaling van binnelandse polisse in daardie soorte besigheid, asof die versekeraar geen ander besigheid gedryf het nie, en kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet, nie aangewend word tot betaling van ander skulde van die versekeraar as skulde kragtens sulke polisse nie.

(2) Na verloop van 'n tydperk van ses maande (of so 'n langer tydperk as wat die registrateur van tyd tot tyd mag vasstel met betrekking tot 'n bepaalde versekeraar) vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet mag die bate wat 'n binnelandse versekeraar besit in verband met sy lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid en amortisasiefondsbesigheid, nie minder werd wees nie as die bedrag van sy verbintenisse in verband met daardie soorte besigheid, en die bate wat 'n buitelandse versekeraar in die Unie besit in verband met bedoelde soorte besigheid wat hy in die Unie dryf mag nie minder werd wees nie as die bedrag van sy verbintenisse in verband met daardi besigheid.

Bate vir ander besigheid as lewens-, nywerheids-, begrafnis- en amortisasiebesigheid moet van 'n bepaalde waarde wees.

**20.** Na verloop van 'n tydperk van ses maande (of so 'n langer tydperk as wat die registrateur van tyd tot tyd mag vasstel met betrekking tot 'n bepaalde versekeraar) vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet mag die bate wat 'n binnelandse versekeraar besit in verband met ander versekeringsbesigheid as lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid en amortisasiefonds-besigheid nie minder werd wees nie as die bedrag van sy verbintenisse in verband met sodanige eersgenoemde versekeringsbesigheid, en die bate wat enige geregistreerde versekeraar in die Unie besit in verband met sodanige eersgenoemde besigheid wat hy in die Unie dryf, mag nie minder werd wees nie as die bedrag van sy verbintenisse in verband met daardie besigheid.

'n Versekeraar mag nie bate van een versekeringsgroep na 'n ander oordra nie.

**21.** 'n Geregistreerde versekeraar mag nie sonder toestemming van die registrateur, vir die toepassing van artikel *negentien* of *twintig*—

(*a*) met bate wat hy besit in verband met lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid en amortisasiefondsbesigheid handel nie as bate wat hy besit in verband met enige ander soort versekeringsbesigheid; of

(*b*) met bate wat hy besit in verband met so 'n ander soort versekeringsbesigheid, handel as bate wat hy besit in verband met lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid en amortisasiefondsbesigheid nie.

Verdeling van algemene onkoste tussen verskillende soorte versekeringsbesigheid.

**22.** (1) 'n Binnelandse versekeraar moet jaarliks alle onkoste van sy versekeringsbesigheid wat nie alleen in verband met 'n bepaalde soort versekeringsbesigheid gemaak is nie, verdeel tussen—

(*a*) al sy lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid en amortisasiefondsbesigheid, enersyds; en

(*b*) al sy ander soorte versekeringsbesigheid, andersyds.

(2) 'n Buitelandse versekeraar moet jaarliks alle onkoste van sy versekeringsbesigheid in die Unie, wat nie alleen in verband met 'n bepaalde soort versekeringsbesigheid gemaak is nie, verdeel tussen—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(a) all his life business, industrial business, funeral business and sinking fund business in the Union, on the one hand; and

(b) all his other classes of insurance business in the Union, on the other hand.

(3) When a registered insurer has made an apportionment of expenses in terms of sub-section (1) or (2), the auditor or the local auditor, as the case may be, of the insurer concerned shall report to the insurer upon the apportionment and state whether, in his opinion, the apportionment is or is not reasonable, and the insurer shall as soon as may be after the receipt of the report, furnish a copy thereof to the registrar.

Prevention of removal of certain assets from the Union.

**23.** (1) If the registrar is of the opinion that it would be detrimental to the owners of Union policies under which a registered insurer is liable, if certain assets which the said insurer holds in the Union were removed from the Union, or disposed of, he may prohibit the insurer in writing from removing those assets from the Union, or from disposing of them, or from pledging or encumbering them, either during a specified period, or indefinitely until the said prohibition is withdrawn, and the insurer shall thereupon not remove any of the said assets from the Union or dispose of them or pledge or encumber them, without the consent in writing of the registrar, while the said prohibition is in force.

(2) If the registrar has reason to suspect that a registered insurer intends or may be induced to remove from the Union assets which the insurer holds in the Union in connection with his insurance business in the Union, and that such removal would be detrimental to owners of Union policies under which the insurer has any liabilities, the registrar may, with the consent of the Minister, direct the insurer in writing to deliver to the registrar any such assets as the registrar may specify in the direction, and the insurer shall thereupon forthwith comply with that direction.

(3) If the registrar has reason to suspect that a registered insurer intends to remove from the Union such assets as aforesaid, and if he is of the opinion that there is a risk that the insurer would not give effect to a direction under sub-section (2) and that it is necessary to seize the said assets to prevent their removal from the Union, the registrar may, with the consent of the Minister, authorize any person in writing to take possession of any assets of the insurer which the registrar may have specified in the authorization, and any person in whose possession or custody any such assets are shall deliver them to the person so authorized, at his request.

(4) If a person authorized as aforesaid has reason to suspect that any asset specified in his authorization is upon any premises or at any place or in the possession or custody of any person, he may enter upon and search such premises or place or search any such person and take possession of any such asset.

(5) When a person authorized under sub-section (3) has taken possession of any asset in terms of sub-section (3) or (4) he shall forthwith deliver the asset to the registrar or to a person indicated by the registrar, and any asset delivered to the registrar or to a person indicated by him under any provision of this section shall be kept in safe custody until the registrar deems it desirable to return the asset to the insurer concerned or, if the insurer is subsequently dealt with under Chapter II, to the judicial manager or liquidator of the insurer.

Former insurance concerns which are not registered under this Act.

**24.** (1) A person who before the commencement of this Act was lawfully carrying on any class of insurance business in the Union and who is liable under any Union policy in that class but who is not registered or deemed to be registered as an insurer in respect of that class under section *three* or *four*, and who, after the commencement of this Act, carries on insurance business only in terms of the proviso to sub-section (1) of section *five*, shall be a "former insurer" in respect of that class and this section shall apply in respect of that class only.

(2) When a registered insurer has satisfied the registrar—

(a) that before the first day of January, 1927, he took over all the rights and liabilities of another insurer; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(a) al sy lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid en amortisasiefondsbesigheid in die Unie, enersyds; en

(b) al sy ander soorte versekeringsbesigheid in die Unie, andersyds.

(3) Wanneer 'n geregistreerde versekeraar 'n verdeling van onkoste volgens sub-artikel (1) of (2) gemaak het, moet die ouditeur of plaaslike ouditeur van die betrokke versekeraar, al na die geval, aan die versekeraar verslag doen omtrent die verdeling en verklaar of die verdeling volgens sy oordeel al dan nie billik is, en die versekeraar moet so spoedig doenlik na ontvangs van die verslag 'n afskrif daarvan aan die registrateur verstrek.

Voorkoming van verwydering van sekere bate uit die Unie.

**23.** (1) As die registrateur van oordeel is dat dit tot nadeel sou strek van die eienaars van binnelandse polisse uit hoofde waarvan 'n geregistreerde versekeraar aanspreeklik is, as sekere bate wat bedoelde versekeraar in die Unie besit, uit die Unie verwyder sou word, of van die hand gesit sou word, dan kan hy die versekeraar skriftelik verbied om daardie bate uit die Unie te verwyder of om hulle van die hand te sit of om hulle te verpand of te beswaar, hetsy gedurende 'n vasgestelde tydperk of onbepaald tot tyd en wyl bedoelde verbod ingetrek word en die versekeraar mag daarop nie sonder skriftelike toestemming van die registrateur van bedoelde bate uit die Unie verwyder of van die hand sit of verpand of beswaar nie, solank as wat bedoelde verbod van krag is.

(2) As die registrateur 'n gegronde vermoede het dat 'n geregistreerde versekeraar voornemens is of beweeg sou kan word om bate, wat die versekeraar in die Unie besit in verband met sy versekeringsbesigheid in die Unie, uit die Unie te verwyder, en dat daardie verwydering nadelig sou wees vir eienaars van binnelandse polisse uit hoofde waarvan die versekeraar enige verbintenisse het, dan kan die registrateur, met die toestemming van die Minister die versekeraar skriftelik beveel om sodanige bate as wat die registrateur in die bevel mag beskrywe, aan die registrateur te oorhandig, en die versekeraar moet daarop onverwyld aan daardie bevel voldoen.

(3) As die registrateur 'n gegronde vermoede het dat 'n geregistreerde versekeraar voornemens is om sulke bate as voormeld, uit die Unie te verwyder, en as hy van oordeel is dat daar 'n gevaar bestaan dat die versekeraar nie aan 'n bevel ingevolge sub-artikel (2) gevolg sou gee nie, en dat dit nodig is om bedoelde bate in beslag te neem om die verwydering daarvan uit die Unie te voorkom, kan die registrateur, met die toestemming van die Minister, enigeen skriftelik magtig om enige bate van die versekeraar wat die registrateur in die magtiging beskrywe het, in besit te neem, en enigeen in wie se besit of bewaring sodanige bate is moet hulle op versoek van die aldus gemagtigde persoon, aan hom oorhandig.

(4) Indien iemand wat soos voormeld gemagtig is 'n gegronde vermoede het dat enige in sy magtiging vermelde bate op een of ander perseel of plek of in die besit of bewaring van iemand is, kan hy daardie perseel of plek betree en deursoek of so iemand deursoek en daardie bate in besit neem.

(5) Wanneer 'n kragtens sub-artikel (3) gemagtigde persoon 'n bate ooreenkomstig sub-artikel (3) of (4) in besit geneem het, moet hy die bate onverwyld aan die registrateur of aan 'n deur die registrateur aangewese persoon oorhandig, en alle bate wat ingevolge een of ander bepaling van hierdie artikel aan die registrateur of 'n deur hom aangewese persoon oorhandig is, word in veilige bewaring gehou totdat die registrateur dit wenslik ag om die bate terug te gee aan die betrokke versekeraar, of, indien daarna met die versekeraar kragtens Hoofstuk II gehandel word, aan die geregtelike bestuurder of likwidateur van die versekeraar.

Voormalige versekeringsondernemings wat nie kragtens hierdie Wet geregistreer is nie.

**24.** (1) 'n Persoon wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet wettig een of ander soort versekeringsbesigheid in die Unie gedryf het en wat aanspreeklik is kragtens 'n binnelandse polis in daardie soort, maar wat nie kragtens artikel *drie* of *vier* as 'n versekeraar ten opsigte van daardie soort geregistreer is of geag word geregistreer te wees nie en wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet alleenlik versekeringsbesigheid dryf ooreenkomstig die voorbehoudsbepaling van sub-artikel (1) van artikel *vyf*, is 'n „voormalige versekeraar" ten opsigte van daardie soort, en hierdie artikel is alleen ten opsigte van daardie soort van toepassing.

(2) Wanneer 'n geregistreerde versekeraar die registrateur daarvan oortuig het—

(a) dat hy voor die eerste dag van Januarie 1927 alle regte en verpligtinge van 'n ander versekeraar oorgeneem het; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) that ever since he took over those rights and liabilities he kept the assets which he held in connection with the insurance business so taken over, apart from his other assets as a separate entity, and kept separate records relating to that business,

the registrar shall, at the insurer's request, issue to him a certificate that he is deemed to be a former insurer in respect of the insurance business so taken over, and while that certificate remains operative the insurer shall, for the purposes of this section, be deemed to be a former insurer in respect of that business: Proviced that the registrar may cancel that certificate if the insurer has at any time failed to keep the assets in question as a separate entity or to keep separate proper records of the business in question or has contravened sub-section (5) or if sub-section (6) applies to the insurer and he has failed to comply with that sub-section, or if he has failed to comply with any direction under sub-section (7).

(3) The provisions of this Act except sections *seventeen* to and including *twenty-two, thirty-four* and *sixty-one* shall *mutatis mutandis* apply, in so far as they are applicable, in connection with a former insurer as if he were a registered insurer, but subject to the provisions of sub-sections (5) and (7).

(4) A former insurer shall not be required to make a deposit with the Treasury in terms of this Act, but if a former insurer deposited any money or securities with the Treasury in terms of section *five* of the Insurance Act, 1923, the deposit shall be deemed to have been made in terms of section *three* or *four* of this Act, and section *six* of this Act shall apply in connection with such a deposit as if the former insurer were a registered insurer.

(5) A former insurer shall not without the consent in writing of the registrar remove from the Union any assets which the former insurer holds in respect of any insurance business transacted by him in the Union.

(6) A former insurer shall, within a period of ten years as from the commencement of this Act or if he is an existing insurer as defined in section *fifty-three*, within the stated period as controlled by the Minister in terms of the proviso to section *fifty-five*, whichever period may be longer, re-insure with a registered insurer all his liabilities under Union policies or transfer those liabilities to a registered insurer.

(7) The provisions of sub-section (6) shall not apply to a former insurer who has issued no policies in the Union after the thirty-first day of December, 1926: Provided that if at any time the Minister is satisfied that the financial position of any such former insurer is not sound, he may direct that former insurer to comply with the provisions of the said sub-section within such period as the Minister may determine.

(8) If a former insurer has contravened sub-section (5) or has failed to comply with sub-section (6) or with any direction under sub-section (7), the court may, on the application of the registrar, order that the insurance business of the former insurer be placed under judicial management, *mutatis mutandis* in terms of section *thirty-one*, or be wound up, *mutatis mutandis* in terms of section *thirty-two*.

Amalgamation or transfer of insurance business.

**25.** (1) A proposed amalgamation of any insurance business carried on by a Union insurer with any business carried on by any other person (irrespective of whether that other person does or does not carry on insurance business) or a proposed transfer of any insurance business from a Union insurer to such another person or the proposed transfer of any business from such another person to a Union insurer shall not be of any force or effect unless the amalgamation or transfer has been confirmed—

(*a*) by the court, if any party to the transaction in question is or was carrying on life business, industrial business, funeral business or sinking fund business immediately before the commencement of or during the transaction; or

(*b*) by the registrar, if no party to the transaction is or was carrying on insurance business of a class mentioned

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) dat hy, sedert hy daardie regte en verpligtinge oorgeneem het, die bate wat hy in verband met die aldus oorgenome versekeringsbesigheid besit het, van sy ander bate afgesonder gehou het as 'n afsonderlike eenheid en afsonderlik van daardie besigheid boek gehou het,

dan moet die registrateur op versoek van die versekeraar aan hom 'n sertifikaat uitreik dat hy beskou word as 'n voormalige versekeraar ten opsigte van die aldus oorgenome besigheid, en so lank as wat daardie sertifikaat geldig bly, word die versekeraar by die toepassing van hierdie artikel beskou as 'n voormalige versekeraar ten opsigte van daardie besigheid : Met dien verstande dat die registrateur daardie sertifikaat kan intrek as die versekeraar te eniger tyd versuim het om die betrokke bate as 'n afsonderlike eenheid te hou of om afsonderlik behoorlik boek te hou van die betrokke besigheid of sub-artikel (5) oortree het, of as sub-artikel (6) op hom van toepassing is en hy versuim het om aan daardie sub-artikel te voldoen, of as hy versuim het om te voldoen aan 'n bevel ingevolge sub-artikel (7).

(3) Die bepalings van hierdie Wet behalwe artikels *sewentien* tot en met *twee-en-twintig*, *vier-en-dertig* en *een-en-sestig* is *mutatis mutandis* van toepassing, vir sover hulle toegepas kan word, in verband met 'n voormalige versekeraar asof hy 'n geregistreerde versekeraar was, dog behoudens die bepalings van sub-artikels (5) en (7).

(4) 'n Voormalige versekeraar is nie verplig om 'n deposito by die Tesourie te maak onder hierdie Wet nie, maar indien 'n voormalige versekeraar geld of effekte by die Tesourie gedeponeer het ooreenkomstig artikel *vyf* van die ,,Verzekeringswet, 1923", word die deposito geag ooreenkomstig artikel *drie* of *vier* van hierdie Wet gemaak te gewees het, en is artikel *ses* van hierdie Wet van toepassing in verband met so 'n deposito asof die voormalige versekeraar 'n geregistreerde versekeraar was.

(5) 'n Voormalige versekeraar mag bate, wat hy besit in verband met versekeringsbesigheid wat hy in die Unie aangegaan het, nie sonder skriftelike toestemming van die registrateur uit die Unie verwyder nie.

(6) 'n Voormalige versekeraar moet, binne 'n tydperk van tien jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet of indien hy 'n bestaande versekeraar is soos omskryf in artikel *drie-en-vyftig*, binne die bepaalde tydperk soos deur die Minister gekontroleer kragtens die voorbehoudsbepaling van artikel *vyf-en-vyftig*, watter tydperk dan ook die langste mag wees, al sy verpligtings kragtens binnelandse polisse by 'n geregistreerde versekeraar herverseker of daardie verpligtings aan 'n geregistreerde versekeraar oordra.

(7) Die bepalings van sub-artikel (6) is nie van toepassing nie op 'n voormalige versekeraar wat geen polisse in die Unie uitgereik het sedert die een-en-dertigste dag van Desember 1926 : Met dien verstande dat indien die Minister te eniger tyd oortuig is dat die finansiële toestand van so 'n voormalige versekeraar nie solied is nie, hy daardie voormalige versekeraar kan beveel om aan die bepalings van bedoelde sub-artikel te voldoen binne so 'n tydperk as wat die Minister mag bepaal.

(8) Indien 'n voormalige versekeraar sub-artikel (5) oortree het of versuim het om aan sub-artikel (6) of aan 'n bevel ingevolge sub-artikel (7) te voldoen, kan die hof, op aansoek van die registrateur, beveel dat die versekeringsbesigheid van die voormalige versekeraar onder geregtelike bestuur gestel word, *mutatis mutandis* ooreenkomstig artikel *een-en-dertig*, of gelikwideer word, *mutatis mutandis* ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig*.

Samesmelting of oordrag van versekeringsbesigheid.

**25.** (1) 'n Voorgenome samesmelting van versekeringsbesigheid gedryf deur 'n binnelandse versekeraar met een of ander besigheid gedryf deur enige ander persoon (onverskillig of daardie ander persoon al dan nie versekeringsbesigheid dryf), of 'n voorgenome oordrag van versekeringsbesigheid van 'n binnelandse versekeraar aan so 'n ander persoon of die voorgenome oordrag van een of ander besigheid van so 'n ander persoon aan 'n binnelandse versekeraar is van geen krag nie tensy die samesmelting of oordrag bekragtig is—

(*a*) deur die hof, indien enige party in die betrokke regshandeling lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiebesigheid dryf of gedryf het onmiddellik voor die aanvang van of gedurende die regshandeling ; of

(*b*) deur die registrateur, indien geen party in die regshandeling onmiddellik voor die aanvang van, of ge-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



in paragraph (*a*) immediately before the commencement of, or during the transaction.

(2) A Union insurer who is a party to a transaction to which sub-section (1) (*a*) applies shall, before application is made to the court for the confirmation of the transaction, and a Union insurer who is a party to a transaction to which sub-section (1) (*b*) applies, shall, prior to or simultaneously with the application to the registrar for confirmation of the transaction, furnish the registrar with a copy of the scheme for the proposed amalgamation or transfer and with a copy of every report or statement upon which the scheme is based or which is taken into account for the purposes of the scheme, and any party to the transaction in question shall thereafter at the request of the registrar furnish the latter with such other information relating to the scheme as the registrar may specify and as may be available to the party concerned.

(3) The registrar may appoint a competent person (who shall be an independent actuary if sub-section (1) (*a*) applies to the transaction in question) to investigate and report upon the said scheme. The parties to the transaction shall bear in equal shares the cost of that investigation and report and of any copy of the report which the registrar may have deemed desirable to send to the said parties, and the court or the registrar shall not confirm the transaction unless the said cost has been paid or guaranteed to the satisfaction of the registrar.

(4) On the direction of the registrar any party to the proposed transaction shall send to every owner of a policy under which the party is liable and to every shareholder of any business under his control, to which the said scheme relates, a copy of the scheme and of any statement or report mentioned in sub-section (2) or (3).

(5) The court or the registrar shall not confirm the transaction in question unless every party thereto who has a principal office or head office in the Union has—

(*a*) throughout a period of twenty-one days which commenced not more than ninety days and not less than thirty days before the date upon which application is made to the court (if sub-section (1) (*a*) applies in connection with the transaction); or

(*b*) throughout any period of twenty-one days which the registrar deems suitable (if sub-section (1) (*b*) applies in connection with the transaction),

made available, at the said office, free of charge, to any owner of a policy or shareholder mentioned in sub-section (4), for his inspection, a copy of each of the documents mentioned in sub-section (4).

(6) The court or the registrar shall not confirm the transaction in question unless any person who is a party thereto has, upon a date not less than ten days and not more than thirty days before the commencement of the period of twenty-one days mentioned in sub-section (5) published in the *Gazette* and in such newspaper or newspapers as the registrar may direct, a notice—

(*a*) indicating the nature of the said scheme; and

(*b*) stating that the parties intend to apply to the court or to the registrar, as the case may be, for confirmation of the transaction; and

(*c*) stating the date and hour when, and the place where the application will be made (if sub-section (1) (*a*) applies to the transaction); and

(*d*) indicating the place or places where and specifying the period during which the documents mentioned in sub-section (5) (which shall be specified in the notice) will be available for inspection in terms of sub-section (5).

Where any of the parties concerned in the transaction have been carrying on business, wholly or partly, in the Territory, or where in terms of the said scheme, it is proposed so to carry on business, a notice shall be published as aforesaid in the *Official Gazette* of the Territory, as well as in the other publications mentioned.

(7) The registrar, or any person representing the registrar, and any owner of a policy, shareholder or creditor affected or likely to be affected by the said scheme, shall be entitled to appear and to be heard on any application to the court

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



durende die regshandeling, 'n in paragraaf (*a*) vermelde soort versekeringsbesigheid dryf of gedryf het nie.

(2) 'n Binnelandse versekeraar wat 'n party is in 'n regshandeling waarop sub-artikel (1) (*a*) van toepassing is, moet, voordat by die hof aansoek gedoen word om bekragtiging van die regshandeling, en 'n binnelandse versekeraar wat 'n party is in 'n regshandeling waarop sub-artikel (1) (*b*) van toepassing is, moet voordat by die registrateur aansoek gedoen word om bekragtiging van die regshandeling, of gelyktydig met die aansoek aan die registrateur 'n afskrif verstrek van die plan van die voorgenome samesmelting of oordrag en 'n afskrif van elke verslag of staat waarop die plan gegrond is of wat in verband met die plan in aanmerking geneem word, en elke party in die betrokke regshandeling moet daarna aan die registrateur op sy versoek sodanige ander gegewens met betrekking tot die plan verstrek as wat die registrateur mag bepaal en die betrokke party tot sy beskikking mag hê.

(3) Die registrateur kan 'n bevoegde persoon (wat 'n onafhanklike aktuaris moet wees ingeval sub-artikel (1) (*a*) op die betrokke regshandeling van toepassing is) aanstel om bedoelde plan te ondersoek en daaroor verslag uit te bring. Die partye in die regshandeling dra gelykop die koste van daardie ondersoek en verslag en van enige afskrif van die verslag wat die registrateur wenslik geag het om aan bedoelde partye te stuur, en die hof of die registrateur mag die regshandeling nie bekragtig nie tensy bedoelde koste betaal of tot genoeë van die registrateur gewaarborg is.

(4) Op las van die registrateur moet enige party in die voorgenome regshandeling 'n afskrif van bedoelde plan en van enige verklaring of verslag in sub-artikel (2) of (3) bedoel, stuur aan elke eienaar van 'n polis uit kragte waarvan die party aanspreeklik is, en aan elke aandeelhouer van 'n besigheid onder sy beheer, waarop die plan betrekking het.

(5) Die hof of die registrateur bekragtig nie die betrokke regshandeling nie tensy elke daarby betrokke party wat 'n hoofkantoor in die Unie het—

(*a*) gedurende 'n tydperk van een-en-twintig dae wat begin het nie meer as negentig dae en nie minder as dertig dae nie voor die datum waarop aansoek by die hof gedoen word (ingeval sub-artikel (1) (*a*) in verband met die regshandeling van toepassing is); of

(*b*) gedurende enige tydperk van een-en-twintig dae wat die registrateur geskik ag (ingeval sub-artikel (1) (*b*) in verband met die regshandeling van toepassing is),

'n afskrif van elk van die in sub-artikel (4) bedoelde dokumente op bedoelde kantoor gratis ter insage beskikbaar gestel het aan enige in sub-artikel (4) bedoelde poliseienaar of aandeelhouer.

(6) Die hof of die registrateur bekragtig nie die betrokke regshandeling nie tensy 'n persoon wat as party daarby betrokke is, op 'n datum nie minder as tien dae en nie meer as dertig dae nie voor die begin van die tydperk van een-en-twintig dae in sub-artikel (5) bedoel, 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* en in 'n nuusblad of nuusblaaie wat deur die registrateur voorgeskryf mag word laat verskyn het waarin—

(*a*) die aard van bedoelde plan aangedui word; en

(*b*) verklaar word dat die partye voornemens is om by die hof of by die registrateur, na gelang van die geval, aansoek te doen om bekragtiging van die regshandeling; en

(*c*) vermeld word die dag en tyd wanneer, en die plek waar die aansoek gedoen sal word (indien sub-artikel (1) (*a*) op die regshandeling van toepassing is); en

(*d*) vermeld word die plek of plekke waar en die tydperk gedurende welke die in sub-artikel (5) bedoelde dokumente (wat in die kennisgewing opgenoem moet word) ooreenkomstig sub-artikel (5) ter insage beskikbaar sal wees.

Waar enigeen van die partye wat betrokke is in die regshandeling besigheid gedryf het in die Gebied, hetsy geheel-en-al of gedeeltelik, of waar ingevolge bedoelde plan daar 'n voorneme is om aldus besigheid te dryf, verskyn daar 'n kennisgewing soos voormeld in die *Offisiële Koerant* van die Gebied, sowel as in die ander vermelde publikasies.

(7) Die registrateur of iemand wat die registrateur verteenwoordig, en enige poliseienaar, aandeelhouer of skuldeiser wat deur bedoelde plan geraak word of waarskynlik geraak sal word, het die reg om by enige aansoek by die hof ingevolge

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



under this section, and may make application to the court on any matter in connection with the scheme.

(8) On an application to the court for confirmation of the transaction in question, the court may confirm the transaction as proposed or with such modifications as the court may think fit to make.

(9) On an application to the registrar for confirmation of the transaction in question, the registrar may confirm the transaction as proposed, or he may suggest that the parties concerned modify the proposed transaction in certain respects, and if they do so he may confirm the transaction as modified, or he may decline to confirm it.

(10) If the registrar has declined to confirm the proposed transaction, the parties thereto may make an application to the court for confirmation of the proposed transaction, and thereupon the provisions of sub-sections (7) and (8) shall apply.

(11) A transaction confirmed by the court or by the registrar in accordance with this section shall be binding on all persons, and shall have effect notwithstanding anything in the memorandum or other document under which any party to the transaction is constituted or in the articles of association or other rules of any such party.

(12) When a transaction has been confirmed as aforesaid, the person controlling the amalgamated business or the person to whom any insurance business has been transferred by the transaction, as the case may be, shall within ten days as from the confirmation furnish the registrar with—

(*a*) a certified copy of a statement of the assets and liabilities of every party to the transaction; and

(*b*) a certified copy of the transaction as confirmed by the court and the order of court confirming the transaction (if the transaction was confirmed by the court); and

(*c*) a declaration signed by the chairman of every such party, and if a non-Union insurer is such a party, by his principal officer, that to the best of his belief every payment made or to be made or other valuable consideration given or to be given to any person whatsoever on account of the amalgamation or transfer is therein fully set forth.

**Amalgamation or transfer of insurance business: non-Union insurers.**

**26.** (1) When a non-Union insurer has amalgamated any life business, industrial business, funeral business or sinking fund business which he was carrying on in the Union with any business carried on by any other person who is not a Union insurer (irrespective of whether that other person was or was not carrying on any insurance business) or when a non-Union insurer has transferred any such insurance business which he was carrying on in the Union to such another person, or when such another person has transferred to a non-Union insurer any such business which that other person was carrying on in the Union, the person in control of the amalgamated business or the person to whom any such business was transferred, as aforesaid, shall within a period of thirty days as from the date of the completion of the amalgamation or transfer, furnish the registrar with—

(*a*) a certified copy of a statement of the assets and liabilities of every party to the amalgamation or transfer, and a statement of the nature and terms of the amalgamation or transfer, and a statement showing how the amalgamation or transfer affects the business, in the Union, of the parties thereto;

(*b*) a certified copy of the scheme, agreement or deed by which the transfer or amalgamation was effected and if the amalgamation or transfer was confirmed or agreed to by the order of any court of law or by a document issued by a government department or other authority, a certified copy of that order or document;

(*c*) a certified copy of every actuarial or other statement relating to the amalgamation or transfer which may have been prepared and of any document which may have been submitted to a court of law, government department or other authority in the country in which the head office abroad of either party to the amalgamation or transfer is situate.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



hierdie artikel te verskyn en verhoor te word, en kan 'n aansoek tot die hof rig omtrent enige met die plan verbonde aangeleentheid.

(8) By 'n aansoek by die hof om bekragtiging van die betrokke regshandeling kan die hof die regshandeling bekragtig soos voorgenome of met sulke wysigings as wat die hof wenslik ag om aan te bring.

(9) By 'n aansoek aan die registrateur om bekragtiging van die betrokke regshandeling, kan die registrateur dit bekragtig soos voorgenome, of hy kan voorstel dat die betrokke partye die voorgenome regshandeling in sekere opsigte wysig, en indien hulle dit doen, kan hy die regshandeling, soos gewysig, bekragtig of hy kan weier om dit te bekragtig.

(10) Indien die registrateur geweier het om die voorgenome regshandeling te bekragtig, kan die betrokke partye by die hof aansoek doen om bekragtiging van die regshandeling, en in so 'n geval is die bepalings van sub-artikels (7) en (8) van toepassing.

(11) 'n Regshandeling wat deur die hof of deur die registrateur ooreenkomstig hierdie artikel bekragtig is, verbind iedereen, en is van krag ondanks enigiets in die akte van oprigting of ander dokument uit kragte waarvan 'n party in die regshandeling opgerig is of in die statute of ander reglement van so 'n party.

(12) Wanneer 'n regshandeling soos voormeld bekragtig is, moet die persoon wat die saamgesmelte besigheid bestuur of die persoon aan wie 'n versekeringsbesigheid deur die regshandeling oorgedra is, na gelang van die geval, binne tien dae vanaf die bekragtiging aan die registrateur verstrek—

(*a*) 'n gesertifiseerde afskrif van 'n staat van die bate en laste van elke sodanige party; en

(*b*) 'n gesertifiseerde afskrif van die regshandeling soos deur die hof bekragtig en die bevelskrif van die hof waarby die regshandeling bekragtig is (indien die regshandeling deur die hof bekragtig is); en

(*c*) 'n verklaring onderteken deur die voorsitter van elke sodanige party, en, indien 'n buitelandse versekeraar so 'n party is, deur sy hoofamptenaar, dat hy werklik glo dat elke betaling wat gemaak is of gemaak moet word of ander geldswaardige teenprestasie wat gegee is of gegee moet word aan wie ook al in verband met die samesmelting of oordrag, volledig daarin uiteengesit word.

Samesmelting of oordrag van versekeringsbesigheid: buitelandse versekeraars.

**26.** (1) Wanneer 'n buitelandse versekeraar lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiebesigheid wat hy in die Unie gedryf het, saamgesmelt het met enige besigheid gedryf deur 'n ander persoon wat nie 'n binnelandse versekeraar is nie (onverskillig of daardie ander persoon al dan nie versekeringsbesigheid gedryf het) of wanneer 'n buitelandse versekeraar sodanige versekeringsbesigheid wat hy in die Unie gedryf het, aan so 'n ander persoon oorgedra het, of wanneer so 'n ander persoon sodanige besigheid wat daardie ander persoon in die Unie gedryf het, aan 'n buitelandse versekeraar oorgedra het, dan moet die persoon wat die saamgesmelte besigheid bestuur, of die persoon aan wie enige sodanige besigheid oorgedra is, soos voormeld, binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van die voltooiing van die samesmelting of oordrag aan die registrateur verstrek—

(*a*) 'n gesertifiseerde afskrif van 'n staat van die bate en laste van elke by die samesmelting of oordrag betrokke party en 'n uiteensetting van die aard en voorwaardes van die samesmelting of oordrag, en 'n uiteensetting waaruit blyk hoe die samesmelting of oordrag die besigheid, in die Unie, van die betrokke partye beïnvloed;

(*b*) 'n gesertifiseerde afskrif van die plan, ooreenkoms of akte waardeur die oordrag of samesmelting bewerkstellig is, en indien die samesmelting of oordrag bekragtig of goedgekeur is by bevel van 'n geregshof of deur 'n geskrif uitgereik deur 'n staatsdepartement of ander owerheidspersoon, 'n gesertifiseerde afskrif van daardie bevel of geskrif;

(*c*) 'n gesertifiseerde afskrif van elke aktuariële of ander uiteensetting wat opgestel mog wees met betrekking tot die samesmelting of oordrag en van enige geskrif wat voorgelê mog wees aan 'n geregshof, staatsdepartement of ander gesag in die land waarin die hoofkantoor in die buiteland van enige party in die samesmelting of oordrag gevestig is.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) Either party to such an amalgamation or transfer as is mentioned in sub-section (1) and the person in control of the business established by the amalgamation shall furnish the registrar with such information in regard to the amalgamation or transfer as the registrar may demand from him and as may be available to him.

(3) If the registrar is of the opinion that the amalgamation or transfer is disadvantageous to the owners of Union policies issued by any party to the amalgamation or transfer, or to a substantial proportion of such owners, the registrar may apply to the court for an order placing the amalgamated concern or any party to the transfer under judicial management and the court may deal with that application in accordance with the provisions of section *thirty*.

Acquisition by a registered insurer of an interest in another insurance business.

**27.** (1) When a non-Union insurer who carries on in the Union any life business, industrial business, funeral business or sinking fund business, or when any Union insurer has acquired, directly or indirectly, from any other person who carries on any insurance business, whether in the Union or elsewhere, shares or any other interest in that business amounting to one quarter or more of the value of all the shares or other interest in that business, the acquiring insurer concerned shall, within a period of thirty days as from the date upon which the acquisition was completed, report the acquisition and the particulars thereof to the registrar.

(2) The insurer who acquired the shares or interest as aforesaid, and if he acquired the shares or interest from a registered insurer, then the latter also shall furnish the registrar with such information in regard to the acquisition or the shares or interest acquired as the registrar may demand from him and as may be available to him.

(3) The provisions of sub-section (3) of section *twenty-six* shall be applicable *mutatis mutandis* in connection with an acquisition of shares or an interest mentioned in sub-section (1).

Registrar may demand information from insurers.

**28.** For the purpose of carrying out the provisions of this Act the registrar may demand from any registered insurer information in relation to any matter connected with his business or transactions, and it shall be the duty of the insurer to comply promptly in writing with that demand.

Investigation of the affairs of an insurer.

**29.** (1) The registrar may, with the consent of the Minister, investigate the affairs or any part of the affairs of a registered insurer or appoint an inspector to hold such an investigation and to report the result of his investigation to the registrar—

(*a*) if the insurer, after having failed to make a return prescribed by this Act, has not made that return within a period of sixty days as from the date upon which the registrar reminded him in writing of his failure; or

(*b*) if the insurer, after having made an incorrect or incomplete return, has not corrected or completed that return within a period of sixty days as from the date upon which the registrar called upon him in writing to correct or complete the return; or

(*c*) if the insurer has not, within a period of sixty days as from a date upon which the registrar demanded from him in writing any information which the registrar was entitled under this Act to demand from him, furnished that information fully and satisfactorily; or

(*d*) if any return furnished by the insurer to the registrar shows that the amount of the liabilities of the insurer in respect of any insurance business which he carries on exceeds the value of his assets which he holds in respect of that business, or if the amount of the total liabilities of the insurer (whether incurred in connection with his insurance business or in connection with any other undertaking) together with eighty per cent. of his paid-up capital exceeds the value of all his assets; or

(*e*) if any such return shows that the amount of the liabilities of the insurer in respect of his insurance business in the Union exceeds the value of his assets in the Union; or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Die een sowel as die ander party in so 'n samesmelting of oordrag as in sub-artikel (1) bedoel, en die persoon wat die beheer het oor die besigheid wat deur die samesmelting tot stand gebring is, moet aan die registrateur sodanige informasie met betrekking tot die samesmelting of oordrag verstrek as wat die registrateur van hom eis en wat hy tot sy beskikking het.

(3) Indien die registrateur van mening is dat die samesmelting of oordrag onvoordelig is vir die eienaars van binnelandse polisse uitgereik deur een of ander party in die samesmelting of oordrag, of vir 'n aanmerklike deel van daardie eienaars, kan die registrateur by die hof aansoek doen om 'n bevel wat die saamgesmelte onderneming of enige by die oordrag betrokke party onder geregtelike bestuur stel, en die hof kan daardie aansoek volgens voorskrif van artikel *dertig* behandel.

**Verkryging deur 'n geregistreerde versekeraar van belang in ander versekeringsbesigheid.**

**27.** (1) Wanneer 'n buitelandse versekeraar wat in die Unie lewensbesigheid, nywerheidsbesigheid, begrafnisbesigheid of amortisasiebesigheid dryf, of wanneer 'n binnelandse versekeraar van 'n ander persoon wat versekeringsbesigheid hetsy in die Unie of elders dryf, direk of indirek aandele of enige ander belang in daardie besigheid verkry het wat 'n kwart of meer beloop van die waarde van al die aandele of ander belang in daardie besigheid, dan moet die betrokke verkrygende versekeraar binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop die verkryging voltooi is, die verkryging en die besonderhede daarvan aan die registrateur meedeel.

(2) Die versekeraar wat die aandele of belang soos voormeld verkry het, en indien hy die aandele of belang van 'n geregistreerde versekeraar verkry het, dan ook laasgenoemde, moet sodanige informasie met betrekking tot die verkryging of die verkrege aandele of belang aan die registrateur verstrek as wat die registrateur van hom eis en wat hy tot sy beskikking het.

(3) Die bepalings van sub-artikel (3) van artikel *ses-en-twintig* is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met 'n verkryging van aandele of 'n belang in sub-artikel (1) bedoel.

**Registrateur kan inligting van versekeraars eis.**

**28.** Die registrateur kan, met die oog op die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet, van elke geregistreerde versekeraar inligting eis met betrekking tot enige aangeleentheid wat met sy besigheid of regshandelings in verband staan, en die versekeraar is verplig om sonder versuim skriftelik aan daardie eis te voldoen.

**Ondersoek van die sake van 'n versekeraar.**

**29.** (1) Die registrateur kan, met die toestemming van die Minister, die sake of enige gedeelte van die sake van 'n geregistreerde versekeraar ondersoek of 'n inspekteur benoem om so 'n ondersoek in te stel en die uitslag van sy ondersoek aan die registrateur mee te deel—

(*a*) indien die versekeraar, nadat hy in gebreke gebly het om 'n deur hierdie Wet voorgeskrewe opgaaf te verstrek, nie daardie opgaaf verstrek het nie binne 'n tydperk van sestig dae vanaf die datum waarop die registrateur hom skriftelik aan sy versuim herinner het; of

(*b*) indien die versekeraar, nadat hy 'n onjuiste of onvolledige opgaaf verstrek het, nie daardie opgaaf verbeter of voltooi het nie binne 'n tydperk van sestig dae vanaf die datum waarop die registrateur hom skriftelik gelas het om die opgaaf te verbeter of te voltooi; of

(*c*) indien die versekeraar nie, binne 'n tydperk van sestig dae vanaf 'n datum waarop die registrateur skriftelik enige inligting van hom geëis het wat die registrateur kragtens hierdie Wet geregtig was om van hom te eis, daardie inligting volledig en op bevredigende wyse verstrek het nie; of

(*d*) indien uit een of ander opgaaf deur die versekeraar aan die registrateur verstrek, blyk dat die bedrag van die verbintenisse van die versekeraar in verband met enige versekeringsbesigheid wat hy dryf, groter is as die waarde van sy bate wat hy in verband met daardie besigheid besit, of indien die bedrag van die totale verbintenisse van die versekeraar (aangegaan hetsy in verband met sy versekeringsbesigheid, hetsy in verband met enige ander onderneming) tesame met tagtig persent van sy gestorte kapitaal, groter is as die waarde van al sy bate; of

(*e*) indien uit so 'n opgaaf blyk dat die bedrag van die verbintenisse van die versekeraar in verband met sy versekeringsbesigheid in die Unie, groter is as die waarde van sy bate in die Unie; of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*f*) if any such return shows that the insurer has failed to comply with any material provision of this Act; or

(*g*) if the auditor or local auditor or actuary of the insurer has informed the insurer of an irregularity that needs correction, and the insurer has not corrected that irregularity within a period of sixty days as from the date upon which the registrar called upon the insurer in writing to correct the irregularity; or

(*h*) if the registrar is possessed of information which in his opinion calls for an investigation into the affairs of the insurer: Provided that no such investigation shall be held in terms of this paragraph unless the registrar has afforded the insurer a reasonable opportunity of furnishing an explanation of any matter which forms a ground for the registrar's opinion, and the insurer has failed to furnish such explanation or has furnished an explanation which the registrar regards as unsatisfactory.

(2) The registrar shall recover from the insurer concerned all expenses necessarily incurred in connection with the investigation, unless the registrar acted under sub-section (1) (*h*) and the investigation proved to be unnecessary.

(3) In making an investigation under this section the registrar or an inspector appointed under sub-section (1) may require from the insurer the production of any of his securities, books or documents and he may examine on oath in relation to the insurer's business any person who is a director, auditor, local auditor, actuary, agent, servant or shareholder of the insurer or the owner of a policy issued by the insurer and he may administer an oath to any such person for the purpose of that examination.

(4) It shall be the duty of every such person to produce to the registrar or the inspector at his request every security, book or document of the insurer which is available to him and to give to the registrar or the inspector, at his request, any information at his disposal relating to the business of the insurer.

(5) If any such person refuses to be sworn, or to comply with any such request as aforesaid, or to answer any question put to him by the registrar or the inspector relating to the affairs of the insurer, even though the answer may tend to incriminate the said person, or gives any false information, he shall be guilty of an offence and liable to a fine not exceeding fifty pounds.

(6) Any person who, having been sworn by the registrar or by such an inspector, knowingly makes any false statement in relation to any matter which is the subject of the investigation, shall be deemed to be guilty of perjury.

(7) When an inspector appointed under this section has completed his investigation, he shall report thereon to the registrar who shall transmit a copy of the report to the insurer, and if the investigation was held by the registrar, the latter shall transmit a summary of the conclusions arrived at by him as a result of the investigation, to the insurer.

## CHAPTER II.

### JUDICIAL MANAGEMENT AND WINDING-UP OF INSURANCE BUSINESS.

Registrar, a creditor or an insurer himself may apply to court for judicial management or winding-up.

**30.** (1) The registrar may, with the consent of the Minister, in regard to any registered insurer and a registered insurer may in regard to himself apply to the court for an order in terms of paragraph (*c*) or (*d*) of sub-section (3) if the registrar or the insurer, as the case may be, is of the opinion that it is desirable for any reason that such an order be made in regard to the registered insurer concerned: Provided that a registered insurer shall not make such an application except by leave of the court, and the court shall not grant such leave unless the insurer has given security to an amount which shall be sufficient in the opinion of the court to satisfy such order in respect of costs as the court may make, and has established *prima facie* the desirability of the order for which he desires to apply.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*f*) indien uit so 'n opgaaf blyk dat die versekeraar versuim het om aan een of ander belangrike bepaling van hierdie Wet te voldoen; of

(*g*) indien die ouditeur of plaaslike ouditeur of aktuaris van die versekeraar die versekeraar in kennis gestel het van 'n onreëlmatigheid wat herstel moet word, en die versekeraar nie daardie onreëlmatigheid herstel het nie binne 'n tydperk van sestig dae vanaf die datum waarop die registrateur die versekeraar skriftelik gelas het om die onreëlmatigheid te herstel; of

(*h*) indien die registrateur oor inligting beskik wat volgens sy oordeel 'n ondersoek van die sake van die versekeraar nodig maak: Met dien verstande dat so 'n ondersoek nie ooreenkomstig hierdie paragraaf ingestel mag word nie tensy die registrateur die versekeraar 'n redelike geleentheid gegee het om 'n verduideliking te verstrek van enige aangeleentheid waarop die registrateur se oordeel steun, en die versekeraar in gebreke gebly het om so 'n verduideliking te verstrek of 'n verduideliking verstrek het wat die registrateur as onbevredigend beskou.

(2) Die registrateur verhaal alle onkoste wat noodsaaklikerwys in verband met die ondersoek gemaak is, op die betrokke versekeraar, tensy die registrateur kragtens sub-artikel (1) (*h*) gehandel het en dit geblyk het dat die ondersoek onnodig was.

(3) Wanneer die registrateur of 'n kragtens sub-artikel (1) benoemde inspekteur kragtens hierdie artikel 'n ondersoek instel, kan hy van die versekeraar verlang dat hy sy effekte, boeke of dokumente oorlê, en kan hy iedereen wat 'n direkteur, ouditeur, plaaslike ouditeur, aktuaris, agent, dienaar of aandeelhouer van die versekeraar, of die eienaar van 'n deur die versekeraar uitgereikte polis is, onder eed ondervra met betrekking tot die besigheid van die versekeraar, en kan hy vir die doel van daardie ondervraging, aan so iemand 'n eed oplê.

(4) Elke sodanige persoon is verplig om alle effekte, boeke of dokumente van die versekeraar wat aan hom toeganklik is, aan die registrateur of inspekteur op sy versoek oor te lê en om alle inligting omtrent die besigheid van die versekeraar, waaroor hy beskik, aan die registrateur of inspekteur op sy versoek te verstrek.

(5) As so 'n persoon weier om die eed af te lê of om aan so 'n versoek soos voormeld, gehoor te gee of om op enige vraag met betrekking tot die sake van die versekeraar wat die registrateur of inspekteur aan hom gestel het te antwoord, selfs al sou die antwoord daarop bedoelde persoon aan strafregtelike vervolging kan blootstel, of enige valse inligting verstrek, is hy aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond.

(6) Iedereen wat, nadat die registrateur of so 'n inspekteur hom beëdig het, wetens 'n valse verklaring maak met betrekking tot 'n saak waaroor die ondersoek gaan, word geag aan meineed skuldig te wees.

(7) Wanneer 'n ingevolge hierdie artikel benoemde inspekteur sy ondersoek voltooi het, doen hy verslag daaromtrent aan die registrateur, en laasgenoemde stuur 'n afskrif van die verslag aan die versekeraar, en, indien die ondersoek deur die registrateur ingestel is, stuur die registrateur 'n opsomming van die gevolgtrekkings waartoe hy as gevolg van die ondersoek geraak het, aan die versekeraar.

## HOOFSTUK II.

### Geregtelike Bestuur en Likwidasie van Versekeringsbesigheid.

Registrateur, 'n skuldeiser of versekeraar self kan by hof aansoek doen om geregtelike bestuur of likwidasie.

**30.** (1) Die registrateur kan met die toestemming van die Minister, met betrekking tot enige geregistreerde versekeraar, en 'n geregistreerde versekeraar kan, met betrekking tot homself, by die hof aansoek doen om 'n bevel ooreenkomstig paragraaf (*c*) of (*d*) van sub-artikel (3), as die registrateur of die versekeraar, na gelang van die geval, van mening is dat dit om watter rede ook al wenslik is dat so 'n bevel ten aansien van die betrokke geregistreerde versekeraar uitgevaardig word: Met dien verstande dat 'n geregistreerde versekeraar alleen met verlof van die hof so 'n aansoek mag doen en dat die hof nie sodanige verlof verleen nie tensy die versekeraar sekerheid gestel het, tot 'n bedrag, wat volgens die mening van die hof genoegsaam sal wees om te voldoen aan enige order wat die hof ten opsigte van koste mag gee, en *prima facie* bewys gelewer het van die wenslikheid van die bevel waarom hy aansoek wil doen.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Any creditor of a registered insurer who was unable to obtain payment of his claim after recourse to the ordinary process of law, may, in regard to that insurer, apply to the court for an order in terms of paragraph (*b*), (*c*) or (*d*) of sub-section (3): Provided that the proviso to sub-section (1) shall apply *mutatis mutandis* in connection with such an application.

(3) Upon any application in terms of sub-section (1) or (2) the court may—

(*a*) refuse the application; or

(*b*) order the registrar to investigate, or to appoint an inspector under section *twenty-nine* to investigate the affairs of the insurer concerned in such a manner as the court may direct; or

(*c*) order that the whole or any part of the business of the insurer, either in the Union or elsewhere (if he is a Union insurer) or that his insurance business in the Union or any part of such business (if he is a non-Union insurer) be placed under judicial management in terms of section *thirty-one*; or

(*d*) order that the whole or any part of the business of the insurer, either in the Union or elsewhere (if he is a Union insurer) or that his insurance business in the Union or any part of such business (if he is a non-Union insurer) be wound up in terms of section *thirty-two*.

In exercising its discretion under this sub-section the court shall act primarily in the interests of the owners of Union policies under which the insurer is liable.

(4) When the court has made an order in terms of paragraph (*b*) or (*c*) of sub-section (3) in regard to a registered insurer it may at any time thereafter make an order in terms of paragraph (*d*) of sub-section (3) in regard to that insurer, and when the court has made an order in terms of paragraph (*b*) of sub-section (3) in regard to a registered insurer, it may at any time thereafter make an order in terms of paragraph (*c*) or (*d*) of sub-section (3) in regard to that insurer.

(5) The insurance business or any part of the insurance business of a registered insurer shall not be judicially managed or wound up except under the provisions of this Act.

Judicial management.

**31.** (1) An order of the court for the judicial management of the business of a registered insurer shall be subject to the provisions contained in the following sub-sections.

(2) Unless the court otherwise directs, an order for the judicial management of the business of a Union insurer shall extend to his whole business, and an order for the judicial management of the business of a non-Union insurer shall extend to his whole business in the Union.

(3) The court shall appoint a judicial manager, who shall receive such remuneration as the court may direct, and the court may at any time cancel the appointment and appoint some other person as judicial manager.

(4) The judicial manager appointed to the business of a registered insurer shall take over the management of the whole business of, or any class or classes of insurance business carried on by the insurer, as the order of court may direct, but except with the leave of the court he shall issue no further policies other than paid-up policies, in terms of sub-section (2) of section *sixty-two*.

(5) The court shall issue such directions to the judicial manager as to his powers and duties as it deems desirable in the circumstances of the case.

(6) The law relating to the judicial management of companies shall apply *mutatis mutandis* in connection with the judicial management of the business of a registered insurer under this Act, except in so far as those provisions are inconsistent with any provision of this Act or of an order of the court under paragraph (*c*) of sub-section (3) of section *thirty*, or with any direction issued by the court under this section.

(7) The judicial manager shall act under the control of the court, and he may apply to the court at any time for instructions as to the manner in which he shall carry out the judicial management.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Enige skuldeiser van 'n geregistreerde versekeraar aan wie se vordering nie voldoen is nadat hy van sy gewone regsmiddele gebruik gemaak het nie, kan ten aansien van daardie versekeraar by die hof aansoek doen om 'n bevel kragtens paragraaf (*b*), (*c*) of (*d*) van sub-artikel (3): Met dien verstande dat die voorbehoudsbepaling van sub-artikel (1) *mutatis mutandis* in verband met so 'n aansoek van toepassing is.

(3) Na aanleiding van 'n aansoek ingevolge sub-artikel (1) of (2), kan die hof—

(*a*) die aansoek afwys; of

(*b*) die registrateur beveel om die sake van die betrokke versekeraar te ondersoek of om kragtens artikel *negen-en-twintig* 'n inspekteur te benoem om die ondersoek in te stel, en wel op so 'n wyse as wat die hof gelas; of

(*c*) beveel dat die besigheid of 'n deel van die besigheid van die versekeraar, hetsy in die Unie of elders, (as hy 'n binnelandse versekeraar is), of dat sy versekeringsbesigheid in die Unie of 'n deel van daardie besigheid (as hy 'n buitelandse versekeraar is), onder geregtelike bestuur gestel word ooreenkomstig artikel *een-en-dertig*; of

(*d*) beveel dat die besigheid of 'n deel van die besigheid van die versekeraar, hetsy in die Unie of elders (as hy 'n binnelandse versekeraar is), of dat sy versekeringsbesigheid in die Unie of 'n deel van daardie besigheid (as hy 'n buitelandse versekeraar is), gelikwideer word ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig*.

Wanneer die hof sy bevoegdheid ingevolge hierdie sub-artikel uitoefen, moet hy in die eerste plek handel in belang van die eienaars van binnelandse polisse uit kragte waarvan die versekeraar aanspreeklik is.

(4) Wanneer die hof ooreenkomstig paragraaf (*b*) of (*c*) van sub-artikel (3) met betrekking tot 'n geregistreerde versekeraar 'n bevel gegee het, kan hy te eniger tyd daarna 'n bevel ooreenkomstig paragraaf (*d*) van sub-artikel (3) met betrekking tot daardie versekeraar gee, en wanneer die hof ooreenkomstig paragraaf (*b*) van sub-artikel (3) met betrekking tot 'n geregistreerde versekeraar 'n bevel gegee het, kan hy te eniger tyd daarna 'n bevel ooreenkomstig paragraaf (*c*) of (*d*) van sub-artikel (3) met betrekking tot daardie versekeraar gee.

(5) Die versekeringsbesigheid of enige deel van die versekeringsbesigheid van 'n geregistreerde versekeraar word nie geregtelik bestuur of gelikwideer nie dan alleen kragtens die bepalings van hierdie Wet.

**31.** (1) 'n Bevel van die hof vir die geregtelike bestuur van die besigheid van 'n geregistreerde versekeraar is onderworpe aan die bepalings in die volgende sub-artikels vervat. Geregtelike bestuur.

(2) Tensy die hof anders beveel, omvat 'n bevel vir die geregtelike bestuur van die besigheid van 'n binnelandse versekeraar, sy hele besigheid en omvat 'n bevel vir die geregtelike bestuur van die besigheid van 'n buitelandse versekeraar sy hele besigheid in die Unie.

(3) Die hof benoem 'n geregtelike bestuurder wat sodanige besoldiging ontvang as wat die hof vasstel, en die hof kan te eniger tyd die benoeming intrek en iemand anders as geregtelike bestuurder benoem.

(4) Die geregtelike bestuurder wat vir die besigheid van 'n geregistreerde versekeraar benoem is, moet die bestuur van die hele besigheid van die versekeraar of van enige soort of soorte versekeringsbesigheid wat die versekeraar gedryf het, oorneem, volgens voorskrif van die bevel van die hof, maar behalwe met die verlof van die hof mag hy geen verdere polisse uitreik nie dan alleen opbetaalde polisse, volgens sub-artikel (2) van artikel *twee-en-sestig*.

(5) Die hof gee aan die geregtelike bestuurder sulke voorskrifte met betrekking tot sy bevoegdhede en pligte as wat hy in die besondere omstandighede wenslik ag.

(6) Die wetsbepalings op die geregtelike bestuur van maatskappye is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met die geregtelike bestuur van die besigheid van 'n geregistreerde versekeraar kragtens hierdie Wet, behalwe vir sover daardie bepalings strydig is met enige bepaling van hierdie Wet of van 'n bevel van die hof kragtens paragraaf (*c*) van sub-artikel (3) van artikel *dertig*, of met enige voorskrif wat die hof kragtens hierdie artikel gegee het.

(7) Die geregtelike bestuurder handel onder die toesig van die hof, en hy kan te eniger tyd by die hof aansoek doen om instruksies aangaande die wyse waarop hy die geregtelike bestuur moet deurvoer.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(8) The judicial manager shall give the registrar such information as the latter may require from time to time, and he shall report to the registrar whenever he intends to apply to the court for instructions and shall serve on the registrar a copy of any petition he proposes to place before the court, together with copies of any annexures to such petition. The registrar shall be entitled to be heard personally or by a representative at any such application, and he may himself make an application to the court with reference to the conduct of the judicial management.

(9) The judicial manager shall conduct his management with the greatest economy compatible with efficiency, and shall as soon as possible report to the court which of the following steps is, in his opinion, most advantageous to the owners of Union policies under which the insurer concerned is liable, that is to say—

(*a*) the transfer of the insurer's obligations and rights under such policies, or under such policies of any class, to some other person, whether for the original sums insured, with the addition of bonuses which have already accrued, or for reduced amounts or adjusted otherwise ; or

(*b*) the carrying on of the business or any part of the business of the insurer, whether with or without a share capital, and if with a share capital, whether reduced or not, and whether the policies under which the insurer is liable shall continue for the original sums insured, with the addition of bonuses which have already accrued, or for reduced amounts or adjusted otherwise ; or

(*c*) the winding-up of the business or any part of the business of the insurer ; or

(*d*) dealing with policies of one class or classes in one way and with policies of another class or classes in another way ; or

(*e*) such other course as he may deem advisable.

(10) The court shall consider the report of the judicial manager and shall decide upon the course it considers most advantageous to the owners of Union policies, and an order containing the decision of the court shall be binding on all persons, and shall have effect notwithstanding anything in the memorandum or other document under which the insurer was constituted or in the articles of association or other rules of the insurer : Provided that if the court orders the winding-up of the business or any part of the business of the insurer the provisions of section *thirty-two* shall apply to such winding-up.

(11) In any arrangement for the transfer of obligations and rights under policies or for carrying on any business of a registered insurer under this section, all assets in the Union held by the insurer in respect of his life business or industrial business, or funeral business or sinking fund business which he was carrying on in the Union, shall be conserved for the benefit of the owners of Union policies in any such aforesaid class of business under which the insurer is liable, in respect whereof any such assets are so held : Provided that if the court is of the opinion that if the insurer had continued any such class of business a portion of the profits derived therefrom would have become available for distribution among owners of policies in any other class of business or among other creditors or the shareholders of the insurer, the court may order that an amount which, in the opinion of the court, equals the present value of that portion of the said expected profits, or such lesser amount as the court deems reasonable, shall be paid out of the assets held by the insurer in respect of the first-mentioned class of business, for the benefit of the owners of policies in other classes of business or of the other creditors or of the shareholders of the insurer.

(12) If the assets held by a Union insurer in any country outside the Union in respect of any class of insurance business carried on by the insurer in that country, have been or are to be placed at the disposal of the judicial manager, those assets shall, for the purposes of this section, be deemed to be held by the insurer in the Union, and any policy issued by the insurer in that country in a class of business in respect whereof those assets were held by the insurer in that country, shall for the purposes of this section be deemed to be a Union policy.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(8) Die geregtelike bestuurder moet aan die registrateur sulke inligting verstrek as wat laasgenoemde van tyd tot tyd verlang, en hy moet die registrateur in kennis stel wanneer hy voornemens is om by die hof aansoek te doen om instruksies en moet op die registrateur 'n afskrif dien van enige versoekskrif wat hy voornemens is om voor die hof te plaas, asook afskrifte van enige aanhangsels van sodanige versoekskrif. By so 'n aansoek kan die registrateur persoonlik of by monde van 'n verteenwoordiger verskyn, en hy kan self 'n aansoek met betrekking tot die geregtelike bestuur aan die hof rig.

(9) Die geregtelike bestuurder moet sy bestuur uitvoer met soveel spaarsaamheid as wat met doeltreffendheid bestaanbaar is, en moet so spoedig moontlik aan die hof meedeel welke van die volgende maatreëls hy as die voordeligste beskou vir die eienaars van binnelandse polisse uit kragte waarvan die betrokke versekeraar aanspreeklik is, te wete—

(*a*) die oordrag van die versekeraar se verbintenisse en regte kragtens sulke polisse, of kragtens sulke polisse van een of ander kategorie, aan 'n ander persoon, hetsy vir die oorspronklik versekerde bedrae, plus die bonusse wat reeds opgeloop het of vir verminderde bedrae, of op 'n ander wyse bereken ; of

(*b*) die voortsetting van die besigheid of enige deel van die besigheid van die versekeraar, hetsy met of sonder 'n aandelekapitaal, en indien met 'n aandelekapitaal, hetsy verminder al dan nie, en of die polisse uit kragte waarvan die versekeraar aanspreeklik is in stand gehou moet word vir die oorspronklike versekerde bedrae, plus die bonusse wat reeds opgeloop het, of vir verminderde bedrae of op 'n ander wyse bereken ; of

(*c*) die likwidasie van die besigheid of enige deel van die besigheid van die versekeraar ; of

(*d*) die behandeling van polisse van 'n bepaalde kategorie of kategorieë op 'n wyse wat verskil van dié waarop 'n ander kategorie of kategorië behandel word ; of

(*e*) sodanige ander handelwyse as wat hy raadsaam ag.

(10) Die hof oorweeg die verslag van die geregtelike bestuurder en beslis oor die handelwyse wat volgens oordeel van die hof die voordeligste is vir die eienaars van binnelandse polisse, en 'n bevelskrif wat die beslissing van die hof behels, verbind iedereen, en is van krag ondanks enigiets vervat in die akte van oprigting of ander dokument uit kragte waarvan die versekeraar opgerig is of in die statute of ander reglement van die versekeraar : Met dien verstande dat as die hof beveel dat die besigheid of enige deel van die besigheid van die versekeraar gelikwideer moet word, die bepalings van artikel *twee-en-dertig* op daardie likwidasie van toepassing is.

(11) By 'n reëling vir die oordrag van verbintenisse en regte kragtens polisse of vir die voortsetting van enige besigheid van 'n geregistreerde versekeraar kragtens hierdie artikel, moet alle bate in die Unie wat die versekeraar besit in verband met sy lewensbesigheid of nywerheidsbesigheid, of begrafnisbesigheid of amortisasiefondsbesigheid wat hy in die Unie gedryf het, bewaar word ten bate van die eienaars van binnelandse polisse in 'n sodanige voormelde soort besigheid uit kragte waarvan die versekeraar aanspreeklik is, in verband waarmee daardie bate aldus besit word : Met dien verstande dat indien die hof van mening is dat, as die versekeraar 'n sodanige soort besigheid sou voortgesit het, 'n gedeelte van die daaruit verkreë winste beskikbaar sou geword het vir verdeling onder eienaars van polisse in enige ander soort besigheid of onder ander skuldeisers of die aandeelhouers van die versekeraar, die hof kan beveel dat 'n bedrag wat volgens oordeel van die hof gelyk is aan die teenswoordige waarde van daardie gedeelte van bedoelde verwagte winste, of so 'n kleiner bedrag as wat die hof billik ag, uit die bate wat die versekeraar in verband met eersbedoelde soort besigheid besit, betaal moet word ten bate van die eienaars van polisse in ander soorte besigheid of van die ander skuldeisers of van die aandeelhouers van die versekeraar.

(12) As die bate wat 'n binnelandse versekeraar in 'n land buite die Unie besit in verband met enige soort versekeringsbesigheid wat hy in daardie land dryf of gedryf het, tot beskikking van die geregtelike bestuurder gestel is of gestel sal word, dan word by die toepassing van hierdie artikel beskou dat die versekeraar daardie bate in die Unie besit, en enige polis wat die versekeraar in daardie land uitgereik het in 'n soort besigheid in verband waarmee hy daardie bate in daardie land besit, word by die toepassing van hierdie artikel geag 'n binnelandse polis te wees.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Winding-up.

**32.** (1) An order of the court for the winding-up of the business of a registered insurer shall be subject to the provisions contained in the following sub-sections.

(2) An order for the winding-up of the business of a Union insurer shall extend to his whole business, or to any class of his business which is to be wound up in terms of the order, and an order for the winding-up of the business of a non-Union insurer shall extend to the whole of his business in the Union or to any class of his business in the Union which is to be wound up in terms of the order.

**48.** Notwithstanding anything to the contrary in this Act contained, the benefits provided in this Act for a child of a disabled or deceased volunteer may, provided such child is not self-supporting, be granted to or in respect of such child irrespective of whether the disabled volunteer (or, in the case of a deceased volunteer, the child's mother) is eligible for a benefit under this Act."

Amendment of section 51 of Act 44 of 1942.

**42.** Section *fifty-one* of the principal Act is hereby amended—

(i) by the insertion, in sub-section (1), after the word "members", where it occurs for the first time, of the words "and to the widows, children, parents";

(ii) by the addition at the end of paragraph (*a*) of sub-section (1), of the words "provided such disablement is, in the opinion of the board, not due to the member's own serious misconduct";

(iii) by the deletion of the proviso to sub-section (1);

(iv) by the substitution, in sub-section (2), for the words "Such treatment", of the words "and not being less than the rates of pension (excluding allowances) for men and women volunteers respectively, laid down in the Schedules to this Act, in respect of one hundred per cent. disability. In the case of a person who is not a member of the Essential Services Protection Corps, such treatment".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


**35.** Artikel *negen-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig— *Wysiging van artikel 39 van Wet 44 van 1942.*

(i) deur in sub-artikel (1) die woord „iemand" waar dit vir die eerste maal voorkom, deur die woorde „'n vrywilliger" te vervang;

(ii) deur die volgende nuwe sub-artikel daaraan toe te voeg:

„(3) Die bepalings van sub-artikels (1) en (2) kan *mutatis mutandis* toegepas word in verband met 'n voordeel wat aan 'n weduwee, ouer of ander afhanklike van 'n oorlede vrywilliger betaalbaar is."

**36.** Artikel *een-en-veertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord „to" in die Engelse teks van sub-artikel (1) deur die woord „or" te vervang. *Wysiging van artikel 41 van Wet 44 van 1942.*

**37.** Artikel *twee-en-veertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende nuwe sub-artikel daaraan toe te voeg, met aanduiding van die bestaande artikel as sub-artikel (1): *Wysiging van artikel 42 van Wet 44 van 1942.*

„(2) Die Minister kan, onderworpe aan sulke voorwaardes as wat hy bepaal, enigeen magtig om die bevoegdhede deur of kragtens hierdie Wet aan hom verleen, namens hom uit te oefen, en die kommissaris kan, met die goedkeuring van die Minister, op soortgelyke wyse sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet oordra."

**38.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende nuwe artikel na artikel *vyf-en-veertig* in te voeg: *Invoeging van nuwe artikel 45bis in Wet 44 van 1942.*

„Lede van ander magte wat by Uniemagte diens doen. **45*bis*.** Wanneer van 'n lid van die magte van 'n ander Regering vereis word om by die Uniemagte diens te doen, dan kan enige vergoeding wat deur sodanige Regering betaalbaar is ten opsigte van die dood of ongeskiktheid van so 'n lid ten gevolge van diens gedurende die oorlog en gedurende die tydperk van diens by die Uniemagte, deur die Unie-Regering gedra word: Met dien verstande dat voordele wat onder sulke omstandighede deur die Unie-Regering betaalbaar is, beperk word tot die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien genoemde voordele kragtens hierdie Wet bereken moes word."

**39.** Artikel *ses-en-veertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die woord „pensioen", op albei plekke waar dit voorkom, deur die woord „voordeel" te vervang. *Wysiging van artikel 46 van Wet 44 van 1942.*

**40.** Artikel *sewen-en-veertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragrawe (*b*) en (*c*) van sub-artikel (1) die woorde „kennisgewing aan die applikant van die" voor die woorde „vrywilliger se dood", waar daardie woorde vir die tweede maal voorkom, in te voeg. *Wysiging van artikel 47 van Wet 44 van 1942.*

**41.** Artikel *agt-en-veertig* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: *Vervanging van artikel 48 van Wet 44 van 1942.*

„Bepalings met betrekking tot toelaes aan kinders. **48.** Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Wet vervat, kan die voordele waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word vir 'n kind van 'n ongeskikte of oorlede vrywilliger toegeken word aan of ten opsigte van so 'n kind (mits sodanige kind nie homself onderhou nie), onverskillig of die ongeskikte vrywilliger (of, in die geval van 'n oorlede vrywilliger, die kind se moeder), vir 'n voordeel kragtens hierdie Wet in aanmerking kom al dan nie."

**42.** Artikel *een-en-vyftig* van die Hoofwet word hierby gewysig— *Wysiging van artikel 51 van Wet 44 van 1942.*

(i) deur in sub-artikel (1), na die woord „lede" waar dit die eerste maal voorkom, die woorde „en op die weduwees, kinders, ouers" in te voeg;

(ii) deur die volgende woorde aan die end van paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) by te voeg: „mits sodanige ongeskiktheid, volgens oordeel van die raad, nie aan die lid se eie ernstige wangedrag te wyte is nie.";

(iii) deur die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (1) te skrap;

(iv) deur in sub-artikel (2) die woorde „Bedoelde behandeling of toelaes kan" te skrap en deur die volgende woorde te vervang: „en nie laer synde nie as die skale van pensioen (toelaes uitgesluit) vir manlike en vroulike vrywilligers onderskeidelik, wat in die Bylaes by hierdie Wet ten opsigte van ongeskiktheid van honderd persent aangegee word. In die geval van 'n persoon wat nie 'n lid van die Korps ter Beveiliging van Noodsaaklike Dienste is nie, kan bedoelde behandeling of toelaes toegeken word".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


Substitution of new section for section 63 of Act 44 of 1942.

**43.** The following section is hereby substituted for section *sixty-three* of the principal Act:

"Assessment or re-assessment of benefits payable in terms of other laws.

**63.** Any pension, allowances or gratuity payable under the provisions of the War Special Pensions Act, 1919 (Act No. 42 of 1919), to any person (including any person to whom any such benefit as aforesaid is by any other law made payable on the basis or in terms of the said Act), shall be assessed or reassessed in accordance with the degree of disablement laid down in Schedule One and the rates laid down in Schedules Two to Seven inclusive, and Nine, with effect from the first day of April, 1942, if such assessment or reassessment is of advantage to the person concerned: Provided that—

(i) no gratuity referred to in sub-section (5) of section *seventeen* shall be granted unless the death of the volunteer occurred on or after the first day of April, 1942;

(ii) no gratuity awarded with effect from a date prior to the first day of April, 1942, in respect of disablement assessed at less than twenty per cent. shall be reassessed."

Insertion of Ninth Schedule in Act 44 of 1942.

**44.** The Schedule to this Act is hereby inserted in the principal Act as the Ninth Schedule.

Increase of war veterans' pensions.

**45.** (1) For such period commencing on the first day of April, 1943, as the Minister of Finance (or any other Minister of State acting in his stead), may determine, all veterans' pensions awarded or to be awarded under the provisions of Part II of the War Pensions Act, 1941 (Act No. 45 of 1941), shall be increased by an amount equal to one-third of such pensions or equal to one-third of the amount which would have been awarded had this section not been enacted.

(2) If a war veteran who is in receipt of a pension under the provisions of the Old Age Pensions Act, 1928 (Act No. 22 of 1928), applies for a veteran's pension under Part II of the said War Pensions Act, 1941, before the first day of October, 1943, and his application is granted, such pension, increased in accordance with the provisions of sub-section (1), shall take effect from the first day of April, 1943, if he was on that date qualified for such a pension.

(3) The amount by which a veteran's pension is increased in accordance with sub-section (1), shall not be regarded as income or means for the purposes of sub-section (1) of section *six* of the Old Age Pensions Act, 1928, or of sub-section (1) of section *five* of the Blind Persons Act, 1936.

Regulation of rights of certain officers in connection with pensions.

**46.** (1) Notwithstanding anything in any other law contained, if a person who is a member of the pension and provident scheme established under section *twelve* of the Higher Education Additional Provision Act, 1917 (Act No. 20 of 1917), or of the provident fund established under section *nineteen* of the Higher Education Act, 1923 (Act No. 30 of 1923), is transferred to a post in the public service or is appointed directly to such a post without any break in his service, he may, in lieu of making an election in terms of sub-section (2) or (3) of section *twenty-six* of the Government Service Pensions Act, 1936 (Act No. 32 of 1936), elect to continue to be a member of the said scheme or fund (as the case may be), in which case the contributions payable by the Government and the council concerned in terms of the regulations governing the said scheme or fund shall be paid from revenue. The further election for which provision is made in this section, may be made within a period of one month after such person has been called upon by the head of his department to do so, and shall be subject to the approval of the Treasury. If such person fails to make an election in terms of this section or of sub-section (2) or (3) of section *twenty-six* of the said Government Service Pensions Act, 1936, he shall be deemed to have elected the benefits under paragraph (*a*) of the said sub-section (3).

(2) The provisions of section *nineteen* of the said Government Service Pensions Act, 1936, shall apply to any person so transferred or appointed as if he were a new member as defined in that Act, and in the application of the said provisions to any

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Vervanging van artikel 63 van Wet 44 van 1942.

**43.** Artikel *drie-en-sestig* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Berekening of herberekening van voordele ingevolge ander wette betaalbaar.

**63.** 'n Pensioen, toelaes of 'n gratifikasie wat ingevolge die bepalings van die „Oorlogs Speciale Pensioenen Wet, 1919" (Wet No. 42 van 1919), betaalbaar is aan iemand (met inbegrip van iemand aan wie so 'n voordeel as voormeld by enige ander wet betaalbaar gemaak word op die basis of volgens voorskrif van bedoelde Wet), word, met ingang van die eerste dag van April, 1942, bereken of herbereken ooreenkomstig die mate van ongeskiktheid in Bylae Een, en die skale in Bylaes Twee tot en met Sewe, en Nege bepaal, mits sodanige berekening of herberekening vir die betrokke persoon tot voordeel is: Met dien verstande dat—

(i) geen gratifikasie in sub-artikel (5) van artikel *sewentien* vermeld, toegeken mag word nie tensy die dood van die vrywilliger op of na die eerste dag van April 1942 plaasgevind het;

(ii) geen gratifikasie wat toegeken is met ingang van 'n datum voor die eerste dag van April 1942, ten opsigte van ongeskiktheid vasgestel op minder as twintig persent, herbereken word nie."

Invoeging van Negende Bylae in Wet 44 van 1942.

**44.** Die Bylae by hierdie Wet word hierby in die Hoofwet as die Negende Bylae ingevoeg.

Verhoging van oudstryders-pensioene.

**45.** (1) Vir so 'n tydperk vanaf die eerste dag van April 1943, as wat die Minister van Finansies (of 'n ander Staatsminister wat namens hom optree), bepaal, word alle oudstryders-pensioene wat ingevolge die bepalings van Deel II van die Oorlogspensioenwet, 1941 (Wet No. 45 van 1941), toegeken is of dien te word, verhoog met 'n bedrag gelyk aan een-derde van sodanige pensioene of gelyk aan een-derde van die bedrag wat toegeken sou geword het indien hierdie artikel nie ingevoer was nie.

(2) Indien 'n oudstryder wat 'n pensioen ingevolge die bepalings van die Ouderdomspensioenwet, 1928 (Wet No. 22 van 1928), ontvang, voor die eerste dag van Oktober 1943, om 'n oudstryderspensioen ingevolge Deel II van genoemde Oorlogspensioenwet, 1941, aansoek doen en sy aansoek toegestaan word, word sodanige pensioen (verhoog ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (1)), van krag vanaf die eerste dag van April 1943, indien hy op daardie datum vir so 'n pensioen in aanmerking kon kom.

(3) Die bedrag waarmee 'n oudstryderspensioen ooreenkomstig sub-artikel (1) verhoog word, word nie by die toepassing van sub-artikel (1) van artikel *ses* van die Ouderdomspensioenwet, 1928, of van sub-artikel (1) van artikel *vyf* van die Wet op Blindes, 1936, as inkomste (of middele), beskou nie.

Reëling van regte van sekere amptenare in verband met pensioene.

**46.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings, indien iemand wat lid is van die pensioen- en spaarfondsskema kragtens artikel *twaalf* van die „Wet tot Additionele Regeling van het Hoger Onderwijs, 1917" (Wet No. 20 van 1917), ingestel, of van die voorsorgsfonds kragtens artikel *negentien* van die „Hoger Onderwijs Wet, 1923" (Wet No. 30 van 1923), ingestel, na 'n pos in die staatsdiens oorgeplaas word of sonder onderbreking van sy diens direk in so 'n pos aangestel word, kan hy, in plaas van 'n keuse volgens sub-artikel (2) of (3) van artikel *ses-en-twintig* van die Regeringsdiens Pensioenwet, 1936 (Wet No. 32 van 1936), te doen, kies om lid van genoemde skema of fonds (na gelang van die geval), te bly, en in daardie geval word die bydraes wat deur die Regering en die betrokke raad betaalbaar is ooreenkomstig die regulasies wat op bedoelde skema of fonds betrekking het, uit inkomste bestry. Die verdere keuse waarvoor in hierdie artikel voorsiening gemaak word, kan gedoen word binne 'n tydperk van 'n maand nadat so iemand deur die hoof van sy departement aangesê is om sulks te doen, en is onderworpe aan die goedkeuring van die Tesourie. Indien so iemand versuim om 'n keuse ooreenkomstig hierdie artikel of sub-artikel (2) of (3) van artikel *ses-en-twintig* van genoemde Regeringsdiens Pensioenwet, 1936, te doen, word dit beskou dat hy die voordele kragtens paragraaf (*a*) van genoemde sub-artikel (3) gekies het.

(2) Die bepalings van artikel *negentien* van genoemde Regeringsdiens Pensioenwet, 1936, is op 'n aldus oorgeplaaste of aangestelde persoon van toepassing asof hy 'n nuwe lid volgens die betekenis van daardie Wet was, en by die toe-

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



such person, his pensionable age shall be determined in accordance with the definition of "pensionable age" in section *eighty-three* of that Act.

(3) In this section the expressions "public service", "revenue" and "Treasury" shall bear the meanings respectively assigned to them in section *eighty-three* of the said Government Service Pensions Act, 1936.

(4) This section shall be deemed to have come into operation on the thirtieth day of June, 1942.

Further assistance to persons in receipt of certain pensions.

**47.** (1) The Minister of Finance may appoint a committee of persons under the chairmanship of an officer in his department, to consider any application for relief by any person who—

(*a*) is in receipt of a civil pension in respect of the former service of such person or of any other person, in the employ of the Government or of the Government of any part of South Africa now included in the Union, under any law administered by the office or department of the said Minister; and

(*b*) is in necessitous circumstances as a result of conditions arising from the present war.

(2) The said committee shall have power, notwithstanding anything in any other law contained, to supplement the pension of any such person by the award of a bonus in accordance with such rates as the said Minister may from time to time prescribe in respect of any class of such persons and with effect from a date not earlier than the first day of April, 1943.

(3) Any such bonus may be paid during the period of the present war and thereafter until the date referred to in sub-section (4), at the same or at such reduced rate as the said Minister may prescribe.

(4) The provisions of this section shall cease to be in operation on a date to be fixed by the Governor-General by Proclamation in the *Gazette*.

Commencement.

**48.** Sections *two*, *four*, *thirteen*, paragraphs (iii) and (iv) of section *seventeen*, sections *eighteen*, *nineteen*, paragraph (i) of section *twenty-one*, paragraph (i) of section *twenty-two*, paragraph (iv) of section *twenty-three*, paragraph (i) of section *twenty-five*, section *twenty-six*, paragraph (iii) of section *twenty-seven*, sections *thirty-seven*, *thirty-eight*, *thirty-nine*, *forty*, *forty-one*, paragraphs (i) and (iv) of section *forty-two* and section *forty-four* shall be deemed to have come into operation on the first day of April, 1942, section *eight* and paragraph (i) of section *nine* on the first day of November, 1942, and paragraph (ii) of section *nine* on the first day of April, 1943.

Short title.

**49.** This Act shall be called the Pension Laws Amendment Act, 1943.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



passing van genoemde bepalings op so iemand, word sy pensioenleeftyd bepaal ooreenkomstig die omskrywing van „pensioenleeftyd" in artikel *drie-en-tagtig* van daardie Wet.

(3) In hierdie artikel het die uitdrukkings „staatsdiens", „inkomste" en „Tesourie" die betekenisse wat onderskeidelik daaraan toegeskryf word in artikel *drie-en-tagtig* van genoemde Regeringsdiens Pensioenwet, 1936.

(4) Hierdie artikel word geag op die dertigste dag van Junie 1942 in werking te getree het.

Verdere hulp aan persone wat sekere pensioene ontvang.

**47.** (1) Die Minister van Finansies kan 'n komitee van persone onder voorsitterskap van 'n amptenaar in sy departement aanstel om oorweging te skenk aan enige aansoek om bystand deur 'n persoon—

(*a*) wat 'n burgerlike pensioen ontvang ten opsigte van die vorige diens van daardie of 'n ander persoon by die Regering of by die Regering van 'n deel van Suid-Afrika tans in die Unie opgeneem, uit kragte van een of ander wet wat deur die kantoor of departement van genoemde Minister uitgevoer word; en

(*b*) wat in behoeftige omstandighede verkeer ten gevolge van toestande wat uit die huidige oorlog voortspruit.

(2) Bedoelde komitee is, ondanks enige ander wetsbepaling, bevoeg om die pensioen van so 'n persoon aan te vul deur die toekenning van 'n bonus ooreenkomstig sulke skale as wat bedoelde Minister van tyd tot tyd ten opsigte van enige kategorie van sulke persone voorskryf, en met ingang van 'n datum wat nie vroeër as die eerste dag van April 1943 is nie.

(3) So 'n bonus kan vir die duur van die huidige oorlog, en daarna tot op die in sub-artikel (4) bedoelde datum betaal word, teen dieselfde skaal of teen so 'n verminderde skaal as wat bedoelde Minister voorskryf.

(4) Die bepalings van hierdie artikel tree buite werking op 'n datum deur die Goewerneur-generaal by Proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal te word.

Inwerkingtreding.

**48.** Artikels *twee, vier, dertien,* paragrawe (iii) en (iv) van artikel *sewentien,* artikels *agtien, negentien,* paragraaf (i) van artikel *een-en-twintig,* paragraaf (i) van artikel *twee-en-twintig,* paragraaf (iv) van artikel *drie-en-twintig,* paragraaf (i) van artikel *vyf-en-twintig,* artikel *ses-en-twintig,* paragraaf (iii) van artikel *sewen-en-twintig,* artikels *sewen-en-dertig, agt-en-dertig, negen-en-dertig, veertig, een-en-veertig,* paragrawe (i) en (iv) van artikel *twee-en-veertig* en artikel *vier-en-veertig* word geag op die eerste dag van April 1942 in werking te getree het; artikel *agt* en paragraaf (i) van artikel *nege* op die eerste dag van November 1942, en paragraaf (ii) van artikel *nege* op die eerste dag van April 1943.

Kort titel.

**49.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1943.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





# Schedule.

(NINTH SCHEDULE TO ACT NO. 44 OF 1942).

GRATUITIES PAYABLE WHERE THE DEGREE OF PENSIONABLE DISABLEMENT IS ASSESSED AT LESS THAN 20 PER CENT.

| RANK. | DEGREE OF DISABLEMENT AND DURATION. | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 to 5 per cent. | | | | 6 to 10 per cent. | | | | 11 to 15 per cent. | | | | 16 to 19 per cent. | | | |
| | 6 months. | 12 months. | 24 months. | Permt. | 6 months. | 12 months. | 24 months. | Permt. | 6 months. | 12 months. | 24 months. | Permt. | 6 months. | 12 months. | 24 months. | Permt. |
| | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. |
| *European Male Volunteers and Women Doctors.* | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Lieut.-General | 8 15 0 | 17 10 0 | 35 0 0 | 87 10 0 | 17 10 0 | 35 0 0 | 70 0 0 | 175 0 0 | 26 5 0 | 52 10 0 | 105 0 0 | 262 10 0 | 35 0 0 | 70 0 0 | 140 0 0 | 350 0 0 |
| Major-General | 8 2 6 | 16 5 0 | 32 10 0 | 81 5 0 | 16 5 0 | 32 10 0 | 65 0 0 | 162 10 0 | 24 7 6 | 48 15 0 | 97 10 0 | 243 15 0 | 32 10 0 | 65 0 0 | 130 0 0 | 325 0 0 |
| Brigadier-General | 7 10 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 75 0 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 60 0 0 | 150 0 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 90 0 0 | 225 0 0 | 30 0 0 | 60 0 0 | 120 0 0 | 300 0 0 |
| Brigadier | 6 17 6 | 13 15 0 | 27 10 0 | 68 15 0 | 13 15 0 | 27 10 0 | 55 0 0 | 137 10 0 | 20 12 6 | 41 5 0 | 82 10 0 | 206 5 0 | 27 10 0 | 55 0 0 | 110 0 0 | 275 0 0 |
| Colonel | 6 5 0 | 12 10 0 | 25 0 0 | 62 10 0 | 12 10 0 | 25 0 0 | 50 0 0 | 125 0 0 | 18 15 0 | 37 10 0 | 75 0 0 | 187 10 0 | 25 0 0 | 50 0 0 | 100 0 0 | 250 0 0 |
| Lieut.-Colonel | 5 12 6 | 11 5 0 | 22 10 0 | 56 5 0 | 11 5 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 112 10 0 | 16 17 6 | 33 15 0 | 67 10 0 | 168 15 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 90 0 0 | 225 0 0 |
| All ranks up to and including Major | 5 0 0 | 10 0 0 | 20 0 0 | 50 0 0 | 10 0 0 | 20 0 0 | 40 0 0 | 100 0 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 60 0 0 | 150 0 0 | 20 0 0 | 40 0 0 | 80 0 0 | 200 0 0 |
| All ranks } Wife | 15 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 7 10 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 6 0 0 | 15 0 0 | 2 5 0 | 4 10 0 | 9 0 0 | 22 10 0 | 3 0 0 | 6 0 0 | 12 0 0 | 30 0 0 |
| All ranks } Each child | 7 6 | 15 0 | 1 10 0 | 3 15 0 | 15 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 7 10 0 | 1 2 6 | 2 5 0 | 4 10 0 | 11 5 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 6 0 0 | 15 0 0 |
| *Nurses and Women Volunteers.* | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Matron-in-Chief or Colonel | 5 12 6 | 11 5 0 | 22 10 0 | 56 5 0 | 11 5 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 112 10 0 | 16 17 6 | 33 15 0 | 67 10 0 | 168 15 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 90 0 0 | 225 0 0 |
| Asst. Matron-in-Chief, Prin. Matron or Lieut.-Colonel | 5 5 0 | 10 10 0 | 21 0 0 | 52 10 0 | 10 10 0 | 21 0 0 | 42 0 0 | 105 0 0 | 15 15 0 | 31 10 0 | 63 0 0 | 157 10 0 | 21 0 0 | 42 0 0 | 84 0 0 | 210 0 0 |
| Sen. Matron, Junior Matron or Major | 4 17 6 | 9 15 0 | 19 10 0 | 48 15 0 | 9 15 0 | 19 10 0 | 39 0 0 | 97 10 0 | 14 12 6 | 29 5 0 | 58 10 0 | 146 5 0 | 19 10 0 | 39 0 0 | 78 0 0 | 195 0 0 |
| Nursing Sister, Staff Nurse or Capt. and Lieut. | 4 10 0 | 9 0 0 | 18 0 0 | 45 0 0 | 9 0 0 | 18 0 0 | 36 0 0 | 90 0 0 | 13 10 0 | 27 0 0 | 54 0 0 | 135 0 0 | 18 0 0 | 36 0 0 | 72 0 0 | 180 0 0 |
| Sen. and Jun. Probationer Nurses or 2nd/Lieut. | 4 2 6 | 8 5 0 | 16 10 0 | 41 5 0 | 8 5 0 | 16 10 0 | 33 0 0 | 82 10 0 | 12 7 6 | 24 15 0 | 49 10 0 | 123 15 0 | 16 10 0 | 33 0 0 | 66 0 0 | 165 0 0 |
| All ranks up to and including W.O. I | 3 15 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 37 10 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 75 0 0 | 11 5 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 112 10 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 60 0 0 | 150 0 0 |
| Each child maintained by volunteer | 7 6 | 15 0 | 1 10 0 | 3 15 0 | 15 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 7 10 0 | 1 2 6 | 2 5 0 | 4 10 0 | 11 5 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 6 0 0 | 15 0 0 |
| *Non-European Volunteers (other than Natives).* | | | | | | | | | | | | | | | | |
| All ranks | 1 17 6 | 3 15 0 | 7 10 0 | 18 15 0 | 3 15 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 37 10 0 | 5 12 6 | 11 5 0 | 22 10 0 | 56 5 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 75 0 0 |
| Wife | 6 0 | 12 0 | 1 4 0 | 3 0 0 | 12 0 | 1 4 0 | 2 8 0 | 6 0 0 | 18 0 | 1 16 0 | 3 12 0 | 9 0 0 | 1 4 0 | 2 8 0 | 4 16 0 | 12 0 0 |
| Each child | 2 6 | 5 0 | 10 0 | 1 5 0 | 5 0 | 10 0 | 1 0 0 | 2 10 0 | 7 6 | 15 0 | 1 10 0 | 3 15 0 | 10 0 | 1 0 0 | 2 0 0 | 5 0 0 |
| *Native Volunteers.* | | | | | | | | | | | | | | | | |
| All ranks | 1 5 0 | 2 10 0 | 5 0 0 | 12 10 0 | 2 10 0 | 5 0 0 | 10 0 0 | 25 0 0 | 3 15 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 37 10 0 | 5 0 0 | 10 0 0 | 20 0 0 | 50 0 0 |
| Wife | 4 6 | 9 0 | 18 0 | 2 5 0 | 9 0 | 18 0 | 1 16 0 | 4 10 0 | 13 6 | 1 7 0 | 2 14 0 | 6 15 0 | 18 0 | 1 16 0 | 3 12 0 | 9 0 0 |
| Each child | 1 6 | 3 0 | 6 0 | 15 0 | 3 0 | 6 0 | 12 0 | 1 10 0 | 4 6 | 9 0 | 18 0 | 2 5 0 | 6 0 | 12 0 | 1 4 0 | 3 0 0 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# Bylae.

## (NEGENDE BYLAE VAN WET NO. 44 VAN 1942).

### GRATIFIKASIES BETAALBAAR WANNEER DIE MATE VAN PENSIOENGEWENDE ONGESKIKTHEID OF MINDER AS 20 PERSENT VASGESTEL WORD.

| RANG. | MATE VAN ONGESKIKTHEID EN DUUR. | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 tot 5 persent. | | | | 6 tot 10 persent. | | | | 11 tot 15 persent. | | | | 16 tot 19 persent. | | | |
| | 6 maande. | 12 maande. | 24 maande. | Permt. | 6 maande. | 12 maande. | 24 maande. | Permt. | 6 maande. | 12 maande. | 24 maande. | Permt. | 6 maande. | 12 maande. | 24 maande. | Permt. |
| | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s d. | £ s. d. | £ s. d. |
| | *Blanke Manlike Vrywilligers en Vroulike Geneeshere.* | | | | | | | | | | | | | | | |
| Luitenant-generaal | 8 15 0 | 17 10 0 | 35 0 0 | 87 10 0 | 17 10 0 | 35 0 0 | 70 0 0 | 175 0 0 | 26 5 0 | 52 10 0 | 105 0 0 | 262 10 0 | 35 0 0 | 70 0 0 | 140 0 0 | 350 0 0 |
| Generaal-majoor | 8 2 6 | 16 5 0 | 32 10 0 | 81 5 0 | 16 5 0 | 32 10 0 | 65 0 0 | 162 10 0 | 24 7 6 | 48 15 0 | 97 10 0 | 243 15 0 | 32 10 0 | 65 0 0 | 130 0 0 | 325 0 0 |
| Brigadier-generaal | 7 10 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 75 0 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 60 0 0 | 150 0 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 90 0 0 | 225 0 0 | 30 0 0 | 60 0 0 | 120 0 0 | 300 0 0 |
| Brigadier | 6 17 6 | 13 15 0 | 27 10 0 | 68 15 0 | 13 15 0 | 27 10 0 | 55 0 0 | 137 10 0 | 20 12 6 | 41 5 0 | 82 10 0 | 206 5 0 | 27 10 0 | 55 0 0 | 110 0 0 | 275 0 0 |
| Kolonel | 6 5 0 | 12 10 0 | 25 0 0 | 62 10 0 | 12 10 0 | 25 0 0 | 50 0 0 | 125 0 0 | 18 15 0 | 37 10 0 | 75 0 0 | 187 10 0 | 25 0 0 | 50 0 0 | 100 0 0 | 250 0 0 |
| Luitenant-Kolonel | 5 12 6 | 11 5 0 | 22 10 0 | 56 5 0 | 11 5 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 112 10 0 | 16 17 6 | 33 15 0 | 67 10 0 | 168 15 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 90 0 0 | 225 0 0 |
| Alle range tot en met Majoor | 5 0 0 | 10 0 0 | 20 0 0 | 50 0 0 | 10 0 0 | 20 0 0 | 40 0 0 | 100 0 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 60 0 0 | 150 0 0 | 20 0 0 | 40 0 0 | 80 0 0 | 200 0 0 |
| Alle range } Vrou | 15 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 7 10 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 6 0 0 | 15 0 0 | 2 5 0 | 4 10 0 | 9 0 0 | 22 10 0 | 3 0 0 | 6 0 0 | 12 0 0 | 30 0 0 |
| Alle range } Elke kind | 7 6 | 15 0 | 1 10 0 | 3 15 0 | 15 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 7 10 0 | 1 2 6 | 2 5 0 | 4 10 0 | 11 5 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 6 0 0 | 15 0 0 |
| | *Verpleegsters en Vroulike Vrywilligers.* | | | | | | | | | | | | | | | |
| Opper-matrone of Kolonel | 5 12 6 | 11 5 0 | 22 10 0 | 56 5 0 | 11 5 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 112 10 0 | 16 17 6 | 33 15 0 | 67 10 0 | 168 15 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 90 0 0 | 225 0 0 |
| Asst. Opper-matrone, Eerste matrone of Luit.-Kolonel | 5 5 0 | 10 10 0 | 21 0 0 | 52 10 0 | 10 10 0 | 21 0 0 | 42 0 0 | 105 0 0 | 15 15 0 | 31 10 0 | 63 0 0 | 157 10 0 | 21 0 0 | 42 0 0 | 84 0 0 | 210 0 0 |
| Sen. Matrone, Junior Matrone of Majoor | 4 17 6 | 9 15 0 | 19 10 0 | 48 15 0 | 9 15 0 | 19 10 0 | 39 0 0 | 97 10 0 | 14 12 6 | 29 5 0 | 58 10 0 | 146 5 0 | 19 10 0 | 39 0 0 | 78 0 0 | 195 0 0 |
| Hoofverpleegster, Stafverpleegster of Kaptein en Luitenant | 4 10 0 | 9 0 0 | 18 0 0 | 45 0 0 | 9 0 0 | 18 0 0 | 36 0 0 | 90 0 0 | 13 10 0 | 27 0 0 | 54 0 0 | 135 0 0 | 18 0 0 | 36 0 0 | 72 0 0 | 180 0 0 |
| Senior en Junior Leerlingverpleegsters of 2de Luitenant | 4 2 6 | 8 5 0 | 16 10 0 | 41 5 0 | 8 5 0 | 16 10 0 | 33 0 0 | 82 10 0 | 12 7 6 | 24 15 0 | 49 10 0 | 123 15 0 | 16 10 0 | 33 0 0 | 66 0 0 | 165 0 0 |
| Alle range tot en met Adjudant-onderoffisier Klas I | 3 15 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 37 10 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 75 0 0 | 11 5 0 | 22 10 0 | 45 0 0 | 112 10 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 60 0 0 | 150 0 0 |
| Elke kind wat deur vrywilliger onderhou word | 7 6 | 15 0 | 1 10 0 | 3 15 0 | 15 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 7 10 0 | 1 2 6 | 2 5 0 | 4 10 0 | 11 5 0 | 1 10 0 | 3 0 0 | 6 0 0 | 15 0 0 |
| | *Nie-blanke Vrywilligers (behalwe Naturelle).* | | | | | | | | | | | | | | | |
| Alle range | 1 17 6 | 3 15 0 | 7 10 0 | 18 15 0 | 3 15 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 37 10 0 | 5 12 6 | 11 5 0 | 22 10 0 | 56 5 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 30 0 0 | 75 0 0 |
| Vrou | 6 0 | 12 0 | 1 4 0 | 3 0 0 | 12 0 | 1 4 0 | 2 8 0 | 6 0 0 | 18 0 | 1 16 0 | 3 12 0 | 9 0 0 | 1 4 0 | 2 8 0 | 4 16 0 | 12 0 0 |
| Elke kind | 2 6 | 5 0 | 10 0 | 1 5 0 | 5 0 | 10 0 | 1 0 0 | 2 10 0 | 7 6 | 15 0 | 1 10 0 | 3 15 0 | 10 0 | 1 0 0 | 2 0 0 | 5 0 0 |
| | *Naturelle-vrywilligers.* | | | | | | | | | | | | | | | |
| Alle range | 1 5 0 | 2 10 0 | 5 0 0 | 12 10 0 | 2 10 0 | 5 0 0 | 10 0 0 | 25 0 0 | 3 15 0 | 7 10 0 | 15 0 0 | 37 10 0 | 5 0 0 | 10 0 0 | 20 0 0 | 50 0 0 |
| Vrou | 4 6 | 9 0 | 18 0 | 2 5 0 | 9 0 | 18 0 | 1 16 0 | 4 10 0 | 13 6 | 1 7 0 | 2 14 0 | 6 15 0 | 18 0 | 1 16 0 | 3 12 0 | 9 0 0 |
| Elke kind | 1 6 | 3 0 | 6 0 | 15 0 | 3 0 | 6 0 | 12 0 | 1 10 0 | 4 6 | 9 0 | 18 0 | 2 5 0 | 6 0 | 12 0 | 1 4 0 | 3 0 0 |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 34, 1943.]

# ACT

**To enable persons (other than natives) enrolled upon the voters' lists of divisions in any province who are on whole-time war service during the present war to vote in the Union at any general election of members of the House of Assembly or of the provincial council of that province; and to extend in certain respects the application of the Active Service Voters Act, No. 37 of 1941.**

(*Signed by the Officer Administering the Government in Afrikaans.*)
(*Assented to 28th April,* 1943.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Definitions.

**1.** In this Act unless the context indicates otherwise—

"Electoral Act" means the Electoral Act, No. 12 of 1918, as amended;

"general election" means a general election of members of the House of Assembly or a general election of members of the provincial council of any province;

"prescribed" means prescribed by this Act;

"regulations" means the regulations framed under section *nine*;

"the proclamation" means the proclamation issued under sub-section (1) of section *thirty-six* of the Electoral Act;

"this Act" includes the regulations;

"unit" means any unit of a force or service referred to in paragraph (*a*) of the definition of "war service";

"war service" means—

(*a*) service with any force or service established by or under—

(i) the South Africa Defence Act, No. 13 of 1912, as amended; or

(ii) the proclamations and regulations validated by section *two* of the War Measures Act, No. 13 of 1940; or

(iii) any regulation made under section *one bis* of the latter Act, as inserted by section *one* of the War Measures (Amendment) Act, No. 32 of 1940; or

(*b*) service with any naval, military or air force or service of an ally of the Union.

Application of Act.

**2.** This Act shall not apply to the election of members of the House of Assembly under the provisions of the Representation of Natives Act, No. 12 of 1936.

Department of Defence to facilitate voting.

**3.** The Secretary for Defence shall cause arrangements to be made to enable the persons who are entitled to do so to vote in terms of this Act.

Voters on war service may vote as in this Act provided.

**4.** Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, any person on whole-time war service whose name appears in either section of the voters' list for any division in any province framed in accordance with the provisions of sub-section (1) of section *six* of the Census, Delimitation and Electoral Act, No. 23 of 1941, and who is in the Union, shall, if arrangements can be made in terms of section *three* to enable him to do so, be entitled to vote at a general election in accordance with the provisions of section *five*.

Method of voting.

**5.** (1) Immediately after the publication of the proclamation the officer commanding each unit in the Union shall transmit to the Chief Electoral Officer a nominal roll of all persons (other than natives) under his command, who are on whole-time war service and in the Union.

(2) A commanding officer may from time to time send supplementary nominal rolls in terms of sub-section (1).

(3) The Chief Electoral Officer shall examine each roll received by him under sub-section (1) or (2) and shall delete all names—

(i) which do not appear in the index in his office of voters who are entitled to vote at the election in question; or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 34, 1943.]

# WET

**Om persone (behalwe naturelle) wat op die kieserslyste van afdelings in enige provinsie ingeskryf is en wat gedurende die huidige oorlog voltydse oorlogsdiens doen, in staat te stel om by 'n algemene verkiesing van lede van die Volksraad of van die provinsiale raad van daardie provinsie in die Unie te stem; en om in sekere opsigte die toepassing van die Wet op Kiesers in Aktiewe Diens, No. 37 van 1941, uit te brei.**

(*Deur die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag in Afrikaans geteken.*)
(*Goedgekeur op* 28 *April* 1943.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken— Woordbepaling.

„Kieswet" die Kieswet, No. 12 van 1918, soos gewysig:

„algemene verkiesing" 'n algemene verkiesing van lede van die Volksraad of 'n algemene verkiesing van lede van die provinsiale raad van enige provinsie;

„voorgeskryf" deur hierdie Wet voorgeskryf;

„regulasies" die kragtens artikel *nege* uitgevaardigde regulasies;

„die proklamasie" die ingevolge sub-artikel (1) van artikel *ses-en-dertig* van die Kieswet uitgevaardigde proklamasie;

„hierdie Wet" ook die regulasies;

„eenheid" enige eenheid van 'n in paragraaf (*a*) van die woordbepaling van „oorlogsdiens" bedoelde mag of diens;

„oorlogsdiens"—

(*a*) diens by enige mag of diens ingestel deur of kragtens—

(i) die „Zuid Afrika Verdedigings Wet", No. 13 van 1912, soos gewysig; of

(ii) die proklamasies en regulasies wat deur artikel *twee* van die Wet op Oorlogsmaatreëls, No. 13 van 1940, bekragtig is; of

(iii) enige regulasie wat kragtens artikel *een bis* van laasgenoemde Wet, soos ingevoeg deur artikel *een* van die Oorlogsmaatreëlwysigingswet, No. 32 van 1940, uitgevaardig is; of

(*b*) diens by enige see-, militêre of lugmag of diens van 'n bondgenoot van die Unie.

**2.** Hierdie Wet is nie van toepassing op die verkiesing van lede van die Volksraad ingevolge die bepalings van die Naturelle-Verteenwoordigings-Wet, No. 12 van 1936, nie. Toepassing van Wet.

**3.** Die Sekretaris van Verdediging laat reëlings tref om daartoe geregtigde persone in staat te stel om hulle stemme ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet uit te bring. Departement van Verdediging vergemaklik stemming.

**4.** Ondanks andersluidende wetsbepalings is iemand wat binne die Unie en in voltydse oorlogsdiens is, en wie se naam voorkom op enigeen van die twee afdelings van die kieserslys vir enige afdeling in enige provinsie, opgestel ooreenkomstig sub-artikel (1) van artikel *ses* van die Sensus-, Afbakenings- en Kieswet, No. 23 van 1941, geregtig om by 'n algemene verkiesing sy stem ingevolge die bepalings van artikel *vyf* uit te bring, mits reëlings ingevolge artikel *drie* getref kan word om hom in staat te stel om sulks te doen. Kiesers in oorlogsdiens kan ingevolge hierdie Wet stem.

**5.** (1) Onmiddellik na afkondiging van die proklamasie stuur die bevelvoerende offisier van elke eenheid in die Unie aan die Hoofverkiesingsbeampte 'n naamlys deur van alle persone (behalwe naturelle) in sy kommandement wat in voltydse oorlogsdiens en binne die Unie is. Wyse waarop gestem word.

(2) 'n Bevelvoerende offisier kan van tyd tot tyd aanvullende naamlyste ingevolge sub-artikel (1) deurstuur.

(3) Die Hoofverkiesingsbeampte ondersoek elke ingevolge sub-artikel (1) of (2) deur hom ontvange lys, en haal alle name uit—

(i) wat nie in die in sy kantoor gehoue indeks voorkom nie van kiesers wat geregtig is om by die betrokke verkiesing te stem; of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ii) in respect of which he is unable to satisfy himself as to identity.

(4) The Chief Electoral Officer shall thereupon, in respect of each person whose name remains on such roll issue to the commanding officer concerned in an envelope addressed to the voter—

(i) a ballot paper for the division in which such person is registered as a voter;
(ii) a covering envelope; and
(iii) a ballot paper envelope

such as are referred to in paragraphs (*a*), (*c*) and (*d*) respectively of regulation (14) of the Second Schedule to the Electoral Act, 1918, Amendment Act, No. 11 of 1926.

(5) Upon receipt of the papers referred to in sub-section (4) the commanding officer or the next senior officer available of each unit shall, in the manner prescribed issue such papers and make arrangements for each voter secretly to record his vote and for the transmission of the ballot papers so as to reach the Chief Electoral Officer not later than 8 p.m. on polling day.

Rejection of votes.

**6.** The Chief Electoral Officer shall reject any vote transmitted to him in terms of sub-section (5) of section *five* unless it has been given in accordance with the provisions of this Act.

Results of poll to be telegraphed to returning officer.

**7.** When the result of the examination of ballot papers received by the Chief Electoral Officer has been ascertained, he shall without delay telegraph to the returning officer concerned, the number of votes to be added to the votes recorded for the candidates in the electoral division of which he is returning officer.

How expenditure to be defrayed.

**8.** The expenditure incurred by the Chief Electoral Officer in connection with the carrying out of the provisions of this Act shall be defrayed, in the case of an election of members of the House of Assembly, out of the Consolidated Revenue Fund, and in the case of an election of members of a provincial council, out of the provincial revenue fund of the province concerned.

Regulations.

**9.** The Governor-General may make regulations in regard to any of the following matters—

(*a*) the appointment of persons to carry out the provisions of this Act, and their powers and functions;
(*b*) the manner in which the identity of a voter shall be established;
(*c*) the method by which votes shall be given under this Act;
(*d*) the sorting of votes so given, the rejection of invalid votes and the acceptance of valid votes;
(*e*) the maintenance of secrecy of the voting in terms of this Act;
(*f*) the forms to be used in connection with any of the matters mentioned in this Act;
(*g*) the prohibition of acts or omissions which may interfere with the carrying out of the objects and purposes of this Act;
(*h*) penalties not exceeding those provided in the Electoral Act for any contravention of or failure to comply with the regulations made under this section, and the jurisdiction of courts to try any such contravention or failure and to impose any such penalty;
(*i*) generally for the better carrying out of any of the objects and purposes of this Act, the scope of this provision not being limited in any way by the mention in this section of particular matters.

Immaterial mistakes not to affect validity of election.

**10.** No election shall be set aside by any court by reason of any mistake or non-compliance with the provisions of this Act, if it appears to the court that the votes were recorded and dealt with in accordance with the principles laid down in this Act.

Application of Act 37 of 1941.

**11.** (1) In the application of the Active Service Voters Act, 1941—

(i) " defence forces " shall be deemed to include any naval, military or air force or service of an ally of the Union; and
(ii) any person contesting a seat at a general election as an independent candidate, whether connected with a political organization or not, shall be deemed to constitute a political party or group.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ii) ten opsigte waarvan hy hom nie omtrent identiteit tevrede kan stel nie.

(4) Daarop reik die Hoofverkiesingsbeampte aan die betrokke bevelvoerende offisier uit, ten opsigte van elke persoon wie se naam nog op die lys is, in 'n aan die kieser geadresseerde omslag sodanige—

(i) stembriefie vir die afdeling waarin bedoelde persoon as 'n kieser ingeskryf is;
(ii) omslag-envelop; en
(iii) stembriefie-envelop,

as wat onderskeidelik in paragrawe (*a*), (*c*) en (*d*) van regulasie (14) van die Tweede Bylae tot die „Kieswet, 1918, Wijzigings Wet", No. 11 van 1926, bedoel word.

(5) By ontvangs van die in sub-artikel (4) vermelde stukke reik die bevelvoerende offisier van elke eenheid of naasvolgende senior offisier wat beskikbaar is op die voorgeskrewe wyse daardie stukke uit en reël dat elke kieser sy stem in die geheim kan uitbring en dat die stembriefies weggestuur word sodat hulle die Hoofverkiesingsbeampte nie later bereik nie as 8 n.m. op stemdag.

Afkeuring van stemme.

**6.** Die Hoofverkiesingsbeampte moet 'n ingevolge sub-artikel (5) van artikel *vyf* aan hom versende stembriefie afkeur tensy dit ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet uitgebring is.

Uitslag van stemmery word aan kiesbeampte getelegrafeer.

**7.** Wanneer die uitslag van die ondersoeking vasgestel is van die deur die Hoofverkiesingsbeampte ontvange stembriefies, telegrafeer hy onverwyld aan die betrokke kiesbeampte die getal stemme wat bygetel moet word by die stemme ten gunste van die kandidate in die kiesafdeling waarvan hy kiesbeampte is.

Hoe onkoste bestry moet word.

**8.** Die onkoste deur die Hoofverkiesingsbeampte gemaak in verband met die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet word, in die geval van 'n verkiesing van lede van die Volksraad, uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds, en in die geval van 'n verkiesing van lede van 'n provinsiale raad, uit die provinsiale inkomstefonds van die betrokke provinsie bestry.

Regulasies.

**9.** Die Goewerneur-generaal kan regulasies met betrekking tot een of meer van die volgende aangeleenthede uitvaardig—

(*a*) die aanstelling van persone om die bepalings van hierdie Wet uit te voer, en hul bevoegdhede en werksaamhede;
(*b*) die wyse waarop die identiteit van 'n kieser vasgestel moet word;
(*c*) die wyse waarop stemme ingevolge hierdie Wet uitgebring moet word;
(*d*) die sortering van die stemme wat aldus uitgebring is, die afkeuring van ongeldige stemme en die aanname van geldige stemme;
(*e*) die bewaring van geheimhouding van die stemming ooreenkomstig hierdie Wet;
(*f*) die vorms wat gebruik moet word in verband met enigeen van die in hierdie Wet vermelde aangeleenthede;
